*Julie - Augustus 2016*

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 15, No. 4** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Maak "kerk-toe gaan" regtig saak?

Is u 'n "tuisbly Christen"? Miskien is u een van die miljoene mense wat, nadat u die verdeeldheid en verwarring onder so 'n groot deel van die belydende Christendom gesien het, eerder by die huis bly om God op u eie manier te aanbid. Die wêreld se kerke is byna almal besig om 'n heeltemal ander boodskap te verkondig, wat op talle belangrike maniere reëlreg indruis teen die ware boodskap van die Verlosser, Jesus Christus.

Waar kom die idee van "kerk" dan eintlik vandaan? Let op wat die apostel Paulus skryf: "... en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Ons sien sekerlik dat "die Dag" nader kom – die einde van hierdie huidige tydperk is nie meer ver nie – baie van u wat hierdie "Persoonlike boodskap" lees, behoort dit selfs te sien aanbreek! Hoe kan ons mekaar egter aanmoedig indien ons nie almal saam is op die dag van aanbidding nie? Indien die televisie of die Internet ons enigste verbinding met God en Sy mense is, hoe kan ons mekaar vermaan?

Verstaan asseblief. Televisie en die Internet is wonderlike middele om die ware Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God met mense te deel. Daardeur kan ons ongekende miljoene mense bereik wat andersins nie die Waarheid sou kon hoor nie. Jesus Christus het Self Sy volgelinge beveel: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15).

Vir die meeste mense wat die Evangelie hoor, sal dit nogtans net as 'n "getuienis" dien. Wanneer die geprofeteerde eindtydse gebeure hulle oorval, sal hulle nie in staat wees om te sê: "Niemand het my gewaarsku nie". Van die miljoene mense wat die boodskap hoor, sal egter net 'n paar reageer. Wat sê Christus vir ons? "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen" (Mattheüs 28:19-20).

Wanneer God mense roep, roep Hy hulle om volgens Sy lewensweg te leef. Daardie lewensweg, gevul met die Heilige Gees, is 'n manier om ons uiterste bes te doen om Sy opdragte te gehoorsaam. Een van daardie opdragte, soos hierbo gestel, is dat Christene saam behoort te vergader. Lees my artikel "Watter kerk behoort u by te woon?" elders in hierdie uitgawe en oorweeg die vraag.

Moontlik is u senuagtig om ander mense te ontmoet wat glo soos wat u glo. Miskien het u al in die verlede slegte ervarings gehad. Ek verstaan. Ek dring nogtans by u aan om "uit u dop te kruip" en daarna te streef om God in elke opsig te gehoorsaam – met inbegrip van hierdie basiese manier. God wil tog hê dat Sy mense saam vergader.

Een manier waarop hierdie Werk daarna streef om uit te reik na diegene wat deur God geroep word, is deur wat ons noem die *"Tomorrow's World Presentations*". 'n *Tomorrow's World Presentation* bestaan gewoonlik uit twee ingeseënde leraars van Jesus Christus wat elkeen 'n kort en kragtige boodskap gee oor die eindtydse profesieë of oor die Christelike lewe. Daar is geen koste verbonde daaraan om dit by te woon nie en geen donasies word gevra nie. Baie mense kom na so 'n aanbieding en bevind hulle vir die eerste keer in hulle lewens tussen eensgesinde Christene waar hulle ook kan vrae vra. Sommige van die mense vertel aan ons dat hulle in een middag meer geleer het as wat hulle in dekades by hulle vorige kerke geleer het!

**Is God besig om te faal?**

Ja, daar is baie kerke waar mense eredienste week na week en jaar na jaar kan bywoon en feitlik niks leer oor die Waarheid nie. Hulle leer dalk 'n paar roetine-gebede en 'n paar sentimentele stories oor 'n "Liewe Jesus". Hulle word egter

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik –**

**Maak "kerk-toe gaan" regtig saak?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Watter kerk behoort u by te woon? 3**
Woon u tans "die kerk van u keuse" by? Is dit net 'n kwessie van persoonlike voorkeur, of het Jesus Christus duidelike riglyne gegee oor die Kerk wat sy mense behoort by te woon?

**Evolusie en verdraagsaamheid 8**

**Die waarheid oor die hel 10**
Is biljoene mense besig om vir ewig in nimmer-eindigende pyniging te brand omdat hulle op die verkeerde plek of tyd gebore is?

**Churchill: 'n Leeftyd van leierskap 14**
Vyftig jaar na sy dood en 70 jaar nadat hy Brittanje tot oorwinning gelei het in die Tweede Wêreldoorlog, neem Churchill se nalatenskap nog steeds 'n vername plek in.

**Ek, mens 18**

**Die menslike oog: 19**
Venster tot die verstand

**Môre se Jeug 21**
Skakerings van grys of lewende kleure?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Profesie neem gestalte aan 24**

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australasië)
Gerald Weston (Kanada, Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
BM PO Box 2345
London, WC1N 3XX
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Watter kerk behoort u by te woon?

## Deur Roderick C. Meredith

Biljoene mense neem "toe-oë" sekere belangrike besluite wat *hulle hele lewe* sal beïnvloed. *Behoort u dieselfde te doen*? Een van daardie besluite is waar *u* behoort kerk by te woon. Baie mense volg net hulle ouers of vriende na enige kerk waar hulle ookal is. Ander mense probeer uitkyk vir die kerk met die "beste parkeerterrein", of die beste *jeugprogram*, of die "beste koor".

**Wat?**

**Indien** daar 'n ware God is – die **Skepper** van die hemel en die aarde wat *nou,* in hierdie tydvak, in menslike sake ingryp om Sy Seun na die aarde terug te stuur as Koning van konings – dan behoort ek en u liewer *baie versigtig* te wees oor waar en **hoe** ons probeer om daardie God te aanbid! Soos die meeste van u weet, was *miljoene* mense in *verskriklike godsdienstige oorloë* betrokke oor verskeie "verdeeldhede" in die Rooms-Katolieke kerk asook in die Protestantse beweging. Hulle het die **waarheid,** *soos hulle dit verstaan* het, ernstig opgeneem. Vir die meeste mense is God deesdae "ver weg" en "onwerklik". Bywoning van 'n kerk is dus meer 'n "sosiale geleentheid" of 'n manier om "die regte mense te ontmoet" om u besigheid of beroep 'n hupstoot te gee. Hoewel Jesus Christus gesê het: "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en **waarheid** sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en **waarheid** aanbid" (Johannes 4:23-24). Jesus sê ook: "... u woord is die **waarheid**" (Johannes 17:17).

Kan u God "tevergeefs" aanbid? *Jesus* sê so! Aangaande die mense wat hulle gelei het, het Hy aan die godsdienstige leiers van Sy dag gesê: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Mattheüs 15:8-9). *Wees eerlik!* Volg die kerk wat u tans bywoon die tradisies van **mense**?

Wanneer u 'n kerkdiens bywoon, hoor u 'n sinvolle, *volledige verduideliking* van belangrike gedeeltes in die Bybel wat die *hele doel* van die menslike bestaan beskryf, die **werklikheid** van die God van die hemel, die **werklikheid** van Sy huidige ingryping in die mens se sake en **waarom** die Almagtige God omtrent **een kwart** van die Bybel aan **profesie** gewy het? *Het u?* Namate die Amerikaners en nasies van Britse afkoms verootmoedig word en God voortgaan om ons "**trotse** mag" te breek, is dit **noodsaaklik** dat u God aanbid terwyl u vir die **Oordeelsdag** voorberei!

**God het WEL 'n ware Kerk**

*Iewers op hierdie aarde het* God *wel 'n ware Kerk*. Daardie Kerk verkondig die volle **Waarheid** van die Bybel. Dit sal 'n Kerk wees waar die *hele doel van* die menslike bestaan asook die *lewensbelangrike profesieë* van die Bybel verduidelik word en die Bybel word 'n **werklikheid** gemaak vir almal wat daardie Kerk bywoon.

Jesus het ook gesê: "... sal Ek **my** gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Mattheüs 16:18). Die woord "Hades" beteken "**die graf**". Dus sou die graf en al die magte van die hel **nie** in staat wees om Christus se Kerk deur al die eeue heen, te vernietig nie. Die **ware** Jesus Christus is die *lewende Hoof* en Heerser van *Sy eie Kerk*. "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul" (Efesiërs 1:22-23).

Indien *u* bereid is om die tyd en intellektuele energie af te staan om *dit na te gaan* en **dit te bewys**, **sal** u in staat wees om daardie Kerk vandag te vind! Dit is die Kerk wat die volle Waarheid van die Bybel sal verkondig. Soos die apostel Paulus aan die ouderlinge in Éfese gesê het: "Want ek het nie nagelaat om aan julle die **hele raad** van God te

verkondig nie" (Handelinge 20:27). Dus sal God se *ware Kerk* uit diegene bestaan wat werklik die Bybel **bestudeer** en opreg die heel *eerste opdrag* van Jesus Christus navolg soos dit opgeteken is in die Evangelies: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke woord** van God" (Lukas 4:4).

Dit is duidelik dat Jesus sekerlik dít wat ons die *Ou Testament* noem, in hierdie stelling ingesluit het, want daar was destyds nog geen *Nuwe Testament* geskryf nie! Die *hele Bybel* is deur God geïnspireer en is geskryf sodat ons dit kan **bestudeer**, *verstaan* en **gehoorsaam**. Die apostel Paulus is geïnspireer om te skryf: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Timótheüs 3:16-17). Die woorde wat in ons eie Bybel vervat is, is die woorde waarvolgens ons behoort te leef en nie enige ander "boeke" wat deur mense geskryf is en wat **nie** deel van die geïnspireerde manuskrip van Sy Bybel is nie. Die Skrif is bedoel om aan ons **weerlegging**, *teregwysing* en onderwysing in geregtigheid te gee. Die meeste kerke laat **nie** toe dat die Bybel hulle **teregwys** wanneer hulle verkeerd is nie. Hulle gaan eenvoudig volgens die "tradisies van mense" voort, selfs al word dit keer op keer blootgelê dat hierdie tradisies van die heidendom afkomstig is en dikwels *lynreg in teenstelling* met die Bybel is!

*Wat is* **u** standpunt? Sal u die **geloof** en die **moed** hê om hierdie dinge "na te gaan" en te **reageer** op wat u vind die **Waarheid** is?

Byna alle geleerdes erken dat die ware Kerk in Openbaring 12 as die bruid uitgebeeld word. Sy word deur die "draak vervolg" wat in vers 9 beskryf word as Satan die duiwel. Alhoewel die ywerige lidmate na 'n plek van veiligheid geneem word, beskryf God in vers 17 dat die duiwel teen die "res" van die ware Kerk gaan oorlog voer – diegene wat agterbly het.

In Openbaring 14:12 gaan God voort om Sy getroue volgelinge te beskryf: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie van God** en die **geloof** in Jesus bewaar". God dui aan dat dit hiérdie mense is wat beskerm sal word gedurende die komende Groot Verdrukking en die verskriklike plae van God wat onmiddellik daarna sal volg!

Maak dit enige verskil hoe u God aanbid? Wil *u Sy Goddelike beskerming* ervaar in die swaar tye wat voorlê? Natuurlik kan u in die kerk van "u keuse" aanbid – soos die advertensies in godsdienstige Sondagblaaie dikwels sê. Natuurlik kan u die sienswyses van u familie, vriende en medewerkers volg! Sal *hulle egter* "daar wees" om u tydens die komende wêreldwye ontwrigting te beskerm? Nog belangriker, sal hulle daar wees om u tydens God se oordeel te "red"?

Waarom sal u nie aan uself bewys dat die Bybel die geïnspireerde openbaring van die Skepper is, wat die basiese geestelike kennis is, wat andersins ontoeganklik vir die mensdom sou wees nie? Waarom kyk u nie wat die Woord van God, die Bybel, sê oor waar God se ware Kerk vandag is nie?

**Laat die Bybel u besluite lei**

Nadat Jesus Christus in die menslike vlees gekom het, het Hy *gereeld* op die Sabbat mede-Jode in die sinagoge *ontmoet.* Ons lees in die Evangelie van Lukas: "En Jesus het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele omtrek uitgegaan; en Hy het in hulle sinagoges geleer en is deur almal geprys. Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en *soos* Hy **gewoond** *was*, gaan *Hy op die* **sabbatdag** *in die* sinagoge en staan op om te lees. En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig" (Lukas 4:14-17).

Dit was dus Jesus se "gewoonte" om op die sewendedag Sabbat saam met Sy mede-Jode te aanbid. Dit was Sy beurt as 'n volwasse Joodse man om God se Woord tydens die Sabbatdiens te lees. Die boek Jesaja is aan Hom oorhandig. Nadat Hy 'n gedeelte gelees het wat in werklikheid *Sy ware bediening* voorspel het, "... begin Hy [om] vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (vers 21).

Jesus het die boek van Jesaja "die Skrif" genoem, *die Woord van God!* Hy leer ons: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Mattheüs 4:4). Hier het die Seun van God bekragtig dat dit wat ons die "Ou Testament" noem, **die Skrif is** en Hy sê dat ons volgens daardie geïnspireerde Skrif behoort te leef! Dus behoort alle *ware* Christene – opregte volgelinge van Jesus Christus – gewillig te wees om te leef volgens die geïnspireerde leerstellings van die Skrif, *soos Jesus beveel het*.

Die oorspronklike *ware* Kerk was eerstens en altyd op *onderrig* en *prediking* van die **geïnspireerde Woord** van God gefokus! Tydens eredienste het die leraars en ouderlinge die Bybel *verduidelik* en uitgelê deur *direk* uit die Bybel te lees en die ware verduideliking aangaande die doel van die lewe asook die Wette van God en Sy plan vir ons almal se lewens aan te dui. Kerkdienste beklemtoon selde indien ooit geskiedenis, filosofie of die "tradisies van mense".

Alhoewel kerkkore en aktiwiteite beslis geniet kan word, is kerkdienste werklik nuttig slegs in soverre dit *volledige verduidelikings en vermanings* bied en gelowiges *inspireer* om die woorde van die Bybel werklik te glo en te gehoorsaam asook om Christus toe te laat *om Sy lewe in hulle te leef* deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Sosialisering en vriendskap is wonderlike kenmerke van die ware Kerk van God. Baie van daardie soort menslike interaksies kan egter ook in die Rotariërklub of "*Lions*"-klub of ander sosiale forums gevind word. Om voor die Skepper te kom om Hom te **aanbid** en **Sy Waarheid** te leer, is op 'n *heel ander vlak!*

Jesus sê aan 'n heidense vrou wie God op 'n "ander" manier aanbid het: "Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, **moet** in **gees** en **waarheid** aanbid" (Johannes 4:21-24).

Indien u *werklik* die God van die Bybel en sy Seun Jesus Christus wil dien en aanbid – indien u werklik Hulle seën en beskerming tydens die swaar tye wat voorlê wil geniet – dan behoort u ernstig, aanhoudend en **eerlik** te probeer om die Kerk wat Jesus Christus gebou het, waarvan Hy die lewende Hoof is, te vind (Efesiërs 1:22). Die Kerk wat werklik Sy **volle Waarheid** preek en verkondig (Handelinge 28:30-31) en *Sy Werk* vandag op aarde doen! U moet gewillig, opreg en ywerig wees om die ware God te "soek". U moet gewillig wees om Hom te dien en te aanbid *op die manier* wat **Hy** in Sy geïnspireerde Woord openbaar!

Natuurlik mag dit meer "gerieflik" wees om die kerk van u familie of vriende by te woon, of die naaste kerk in u omgewing. Dit mag meer "pret" wees om 'n kerk wat 'n groot koor of baie aktiwiteite het by te woon. Die Christus van die Bybel waarsku ons ernstig: "En **wat** noem julle My: Here, Here! en doen **nie** wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). *Waarom* wil u dus na 'n kerk gaan waar hele gedeeltes en boeke van die Bybel selde, indien ooit, deeglik in eredienste verduidelik en uiteengesit word? Waar mense wat daar byeenkom nie regtig hulle lewens, gedagtes en aksies deur die kragtige prediking van God se Woord **verander** nie? Waar die *een kwart* van die hele Bybel wat *geïnspireerde* **profesie** is, selde verduidelik word? Waar die lidmate feitlik geen begrip verkry dat ons nou in die "laaste dae" leef nie? Waar die spesifieke gebeure waarvoor ons moet "waak", wat Christus se Wederkoms na hierdie aarde sal voorafgaan, nie aan hulle uitgewys word nie?

Waarom sou **enigiemand** in elk geval sy tyd in so 'n plek wil mors?

### Dit is tyd om "wakker te word"!

Namate **eind**tydse profetiese gebeure versnel – namate die **geprofeteerde** droogtes, aardbewings, siekte-epidemies en **terreurdade** begin om ons al hoe meer te raak, sal die handeklappende, singende mense in sommige buurtkerke u kan "red"? *Wie* kan u en u

geliefdes werklik beskerm indien u nie bereid is om die God van die Bybel te *soek* en "in *gees* en in **Waarheid**" te *aanbid* nie?

Deur die *Wêreld van Môre*-tydskrif en hierdie Werk is *u* in kontak gebring met die ware Kerk van God. *Indien* God werklik u verstand open en *indien* u die moed het om volgens die Waarheid te **handel**, dan moedig ek u aan "om deur te druk". *Ondersoek* ons selfs meer deeglik. **Bewys** dat wat ons leer die woorde vanuit *u eie Bybel is*. Ons leerstellings kan maklik *bevestig* en *bewys* word uit die Bybel self, want dit *is* die **Waarheid**.

Ek moedig u aan om ons vandag nog te *skakel* of aan ons te *skryf* om nog meer van ons *gratis* literatuur aan te vra. Soos u waarskynlik opgemerk het, is *al* ons literatuur heeltemal *gratis*. Daar is **twee belangrike boekies** wat ek u wil aanmoedig om aan te vra indien u regtig wil verstaan. *Hervestig die oorspronklike Christenskap* sal vir u 'n openbaring wees van wat *regtig* met die "hoofstroom" Christendom gebeur het en wat 'n ware Christen behoort te doen. Die boekie *Waar is God se ware Kerk vandag*? sal dit duidelik uiteensit – met spesifieke **bewyse** uit die Bybel – wat die belangrike ***identifiseringstekens*** van God se ware Kerk is, sodat u kan besef *wáár* daardie Kerk vandag is.

Die organisasie wat die *Wêreld van Môre* publiseer streef daarna om **regtig** die *Bybel* na te volg. Soos u weet, probeer ons in die Lewende Kerk van God om al die bogenoemde waarhede met ons hele hart te volg. Dit is waarom ons daarna streef om aan die hele wêreld die eindtydse profesieë van die Bybel kragtig te verkondig. Daarom doen ons alles in ons vermoë om die Israelitiese volke oor die komende Groot Verdrukking te waarsku. Met ons hoofkantoor in Charlotte, NC, kantore regoor die wêreld, talle plaaslike gemeentes met hulle eie leraars, wêreldwye radio, televisie, Internetdekking en 'n groeiende *uitgewersbedryf*, wat hierdie artikel en die *Wêreld van Môre*-tydskrif insluit, gaan daardie boodskap *met toenemende* **krag** *uit*.

*U* moet nou besluit wat u omtrent hierdie artikel gaan doen. Moontlik sal dit vir u net nuttig wees om oorweging aan hierdie duidelike Bybelse "identifiseringstekens" te skenk van waar God tans werk – waar Sy ware Kerk vandag is.

Indien u belangstelling egter verder strek – *indien* God u roep en *indien* ons u persoonlik van diens kan wees – moet asseblief nie huiwer om aan ons te skryf by die adres van ons kantoor die naaste aan u nie. Ons kan u vrae per pos beantwoord. Andersins, *indien u dit aanvra*, sal 'n ten volle opgeleide verteenwoordiger van hierdie Werk persoonlik met u kontak maak op 'n tyd en plek wat vir u gerieflik is.

*U moet besluit*.

Indien u 'n besoek van 'n leraar of verteenwoordiger van hierdie Werk verkies, **skakel** gerus ons kantoor die naaste aan u, soos gelys onder "Streekkantore" op bladsy 2 van hierdie tydskrif. *Skryf* of stuur 'n e-pos aan ons naaste kantoor, soos u verkies. Meld net dat u graag 'n besoek verlang en verskaf u adres en telefoonnommer sodat ons verteenwoordiger u kan kontak. Wees verseker dat *niemand* by u sal opdaag sonder dat u vooraf reël vir 'n *geskeduleerde* afspraak op 'n tyd, plek en datum wat u verkies nie. Ons leraar of verteenwoordiger sal bloot daar wees om *u vrae* oor die Bybel of oor hierdie Werk en die Lewende Kerk van God te *beantwoord*.

Daar sal *geen druk* op u uitgeoefen word om by enigiets "aan te sluit" nie en *geen* versoek vir geld vir *enige* doel nie. *U* sal egter die geleentheid kry om met 'n ware leraar of verteenwoordiger van die Almagtige God te praat en om ons op 'n persoonlike manier terdeë *te ondersoek*. U kan navraag doen oor bywoning van eredienste of Bybelstudie **indien** u dit verkies. Dikwels mag ons leraar selfs voorstel dat u meer van ons literatuur lees en die waarhede van die Bybel meer deeglik aan uself *bewys* om nog meer seker te wees van u toewyding *voordat* u enige byeenkomste bywoon. Ons wil hê dat *u* seker sal wees. Ons probeer om *u te dien* in u soeke na die ewige lewe in die Koninkryk van God.

Indien God egter werklik u verstand open en u "geroep" is, is ons daarvan oortuig dat u

verheug sal wees om ander te ontmoet wat bereid is om hulle lewens aan God en in diens van hulle medemens te stel. U sal 'n groep gelukkige mense vind – dikwels met klein kindertjies – wat hulle Bybels saambring na die eredienste en soos die Bereane "die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:10-11). Daar sal gewoonlik, afhangende van die grootte van die groep en die plaaslike omstandighede, liedere gesing en aankondigings oor aktiwiteite en nuus van die Werk gedoen word, behulpsame preke gelewer word en ná die byeenkomste met entoesiasme geestelike samesyn geniet word.

Mag God u help, soos ons in 1 Thessalonicense 5:21 lees: "Beproef alle dinge; behou die goeie". Namate die voleinding van hierdie tydvak vinnig nader kom behoort ons nie alewig doelloos rond te sit en spekuleer nie! God beloon diegene wat ywerig op die Waarheid **reageer** en alles in hulle vermoë doen om betrokke te raak om Hom en hulle medemense te dien. Jakobus was geïnspireer om aan ons te sê: "En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie" (Jakobus 1:22). Weereens, maak seker dat u 'n **gratis** eksemplaar van elkeen van ons uiters nuttige en deeglik gedokumenteerde boekies aanvra, nl. *Hervestig die oorspronklike Christenskap* en *Waar is God se ware Kerk vandag?* My vriende, u het werklik hierdie belangrike boekies **nodig** om aan uself te **bewys** *waar God werk!* **Gaan oor tot aksie!** Kontak ons *nou dadelik – voordat u vergeet* – en vra u **gratis** eksemplaar van elk van hierdie boekies aan!

Mag God u help om te verstaan en betrokke te raak terwyl u nog die geleentheid het! U mag nou in u "gemaksone" in 'n ander kerkgenootskap wees. Andersins mag u onder die *miljoene* "ontkenners" wees – daardie mense wat aan *geen kerk* behoort nie en dikwels verveeld is óf eenvoudig deur die leemte van "hoofstroom"-godsdiens "afgesit" word. Indien God u nou in hierdie tydvak roep – wil u Skepper hê dat u 'n *aktiewe lid* van Sy Kerk sal wees deur werklik vir Sy Koninkryk voor te berei en om mense kragtig te **waarsku** aangaande die komende Groot Verdrukking.

Namate die profetiese gebeure waarvan *hierdie Werk* u vertel steeds voortgaan om plaas te vind en meer intens raak en namate God u verstand vir die groot **Plan open** wat Hy hier uitwerk, maak seker dat u daarop **reageer**. Mag God aan *u* die begrip, die geloof en die **moed** gee om *tot aksie oor te gaan!* WvM

# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenkom nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Evolusie en verdraagsaamheid

## Deur Gerald E. Weston

**Kanada roem** daarop om 'n verdraagsame land met diversiteit te wees. Is die diversiteit genoeg om diegene te aanvaar wat nie in die evolusieteorie glo nie? Let op hierdie onlangse nuusberig:

> Rick Nicholls, 'n lid van Ontario Provinsiale Parlement (MPP), is deur die media gekruisig vir die openbaarmaking dat hy nie in evolusie glo nie. In die nasleep van sy bespotting en veroordeling, is 'n ander politikus ook deur die media en sy politieke party tot skande ge-maak. "Veteraan Konserwatiewe LP James Lunney, wat herhaaldelik twyfel oor die evolusieteorie uitgespreek het, verlaat die Tory-koukus en haal 'n doelbewuste poging aan om ''n Christelike wêreldbeskouing te onderdruk' by die 'senior vlakke' van die politiek" *(The Globe and Mail, "B.C. MP quits Conservatives to defend views on evolution",* 31 Maart 2015).

Dit blyk dat Kanada se heel konserwatiefste politieke party nie langer diegene kan duld wat fout vind met die evolusieteorie nie. Politici is sekerlik goed om die rigting te bepaal waarin die wind waai. Wat sê dit oor die waarskynlikheid dat evolusie in een van die meer liberaalgesinde partye bevraagteken word? Om evolusie te bevraagteken is eenvoudig polities net nie korrek nie. Verdraagsaamheid mag elders gevind word, maar nie wanneer dit by die evolusieteorie kom nie.

Verslae van televisie-nuus voeg 'n dimensie by wat nie in die gedrukte media gevind word nie. Dit is maklik om die nie-so-subtiele minagting te sien wat uitgebeeld word deur die televisie-nuus se verslaggewers teenoor enige "arme onkundige siele", wat dalk nie in die spoor van die polities korrekte partylyn trap nie. Dit is te betwyfel of verslaggewers op vername televisie-programme sal kan aanbly indien hulle enige aanduiding van simpatie teenoor iemand toon wat so dom is om evolusie in 2015 te bevraagteken! Diversiteit is die naam van die spel, behalwe wanneer 'n diversiteit van mening 'n uitdaging van 'n nalatige oortuiging in 'n oorkoepelende wetenskaplike teorie is wat geen opposisie sal duld nie.

Interessant genoeg, sommige van die mees uitgesproke en kragtige stemme wat evolusie bevraagteken kom nie van die godsdienstige regses nie, maar van hoogs geleerde wetenskaplikes en filosowe. Michael Denton, wat deel van sy opleiding aan die Universiteit van Toronto ontvang het, beskou homself as 'n agnostikus, alhoewel hy oor die algemeen al krediet ontvang het dat hy die een is wat die *Intelligente Ontwerp*-beweging begin het. Nadat wyle Antony Flew vir 50 jaar lank ateïsme bevorder het, skryf hy *There is a God: How the World's Most Notorius Atheist Changed His Mind*. Flew het tot die gevolgtrekking gekom dat nuwe bewyse in mikrobiologie tot geen ander gevolgtrekking kon lei nie. Terwyl sy wetenskaplike ontleding hom tog tot erkenning van 'n intelligensie agter lewe gelei het, het Flew daardie intelligensie nie met die God van die Bybel geïdentifiseer nie. Hy het aangeneem dat daar 'n onpersoonlike intelligensie by die kern van die ontwerp van die heelal betrokke is.

Aan die Universiteit van Guelph, net 'n paar uur padlangs vanaf Rick Nicholls se *riding* ("verkiesingsdistrik" sou die meer bekende term vir ons lesers wees) in Chatham/Essex/Kent, het Professor Michael Ruse al vir 35 jaar lank klas in filosofie gegee. Ruse, 'n passievolle advokaat vir evolusie, het sedertdien in Florida afgetree, maar hy sou tussen die eerstes wees om Nicholls se reg te erken om sy teenstrydige siening oor evolusie te uiter. Ruse wat homself 'n "skeptikus" eerder as 'n "agnostikus" noem, debatteer gereeld met voorstanders van Intelligente Ontwerp en mede-outeur van *Debating Design* met

I.O., advokaat William Dembski.

Ruse is die skrywer van 'n verhandeling getiteld, "*Why I Think the New Atheists Are a Bloody Disaster*". Hy wys daarop dat daar sekere wonderbaarlike ondersteunings is wat die evolusieteorie vergesel – tot die ontsteltenis van baie prominente evolusioniste wat omgekrap is deur sy werk. Ruse skryf: "Indien die onderrig dat 'God bestaan' godsdiensonderrig is – en dit is – waarom is dat 'God nie bestaan nie' dan nie godsdiensonderrig nie? Natuurlik is dit die onderrig van godsdiens". Alhoewel sommige mense hulle 'n soort van "teïstiese evolusie" probeer voorstel wat nie deur die werklike geskrifte van enige godsdiens ondersteun word nie, is dit 'n feit dat "makro-evolusie" – die idee dat een spesie in 'n ander een kan ontwikkel – per definisie 'n teorie is wat geen nodigheid vir God het nie.

Hoe meer ons van mikro-biologie oor die kompleksiteit van lewe leer, hoe meer geloof verg dit om in 'n willekeurige, onbeplande, toevallige sameloop van die vele komplekse gebeure te glo wat nodig is om plaas te vind om lewe "net te laat gebeur". Dit is betekenisvol dat, ten spyte van al ons tegnologiese vooruitgang en kennis oor die boublokke van lewe, die mensdom nog nie eers een keer in staat was om hierdie proses te herhaal en lewe vanuit nie-lewe te skep nie.

Die skeptikus Denton verduidelik in sy opspraakwekkende boek, *Evolution: A Theory in Crisis*, waarom so baie mense gretig is om met die stroom van evolusie saam te gaan. Hy skryf: "Die feit is dat elke joernaal, akademiese debat en gewilde bespreking geneig is om die waarheid van Darwin se teorie se geloofwaardigheid geweldig te versterk. Dit is stellig so, omdat kundige sosioloë moeite doen om uit te wys dat dit deur gesprekvoerings in die ware sin van die woord is dat ons sienswyses en opvattings van die werklikheid in stand gehou word en daarom is die geloofwaardigheid van enige teorie of wêreldbeskouing grootliks afhanklik van die sosiale ondersteuning wat dit ontvang eerder as die empiriese inhoud of verstandige konsekwentheid. Derhalwe ... die geldigheid van Darwin se teorie ... kan op geen denkbare wyse verkeerd wees nie" (Denton, bll. 74-75).

Is mnre. Lunney en Nicholls dus regtig uit voeling met die werklikheid? Behoort hulle opregte bevraagtekening van 'n onbewese teorie hulle te beroof van 'n plek in die smeltkroes van uiteenlopendheid waarin Kanadese hulleself beroem? Het die media en hulle mede-parlementariërs hulle 'n billike kans gegee? Nie volgens Lunney nie:

> "My opmerkings was deur die media opgeblaas, vermeng met ander onverwante maar beweerde ketterse stellings en het 'n vername storie in die nasionale media geword asook 'n vuur van kritiek en veroordeling is ontketen ... dit is duidelik dat enige politikus of kandidaat van geloof in komende verkiesings onderworpe gaan wees aan dieselfde openbare ondersoek.
>
> In 'n samelewing wat gewoonlik trots op omarming van diversiteit is, behoort die rol van die media en partypolitiek in die aanhitsing van sosiale dwepery en onverdraagsaamheid bevraagteken te word. Sulke onkunde en dwepery, onder die dekmantel van verdediging van die wetenskap, is so afstootlik soos dwepery van enige ander oorsprong. Dit is op 'n valse maaksel uit 'n ander eeu gebaseer en is 'n blatante skending van 'n samelewing wat multikultureel, veelrassig en multigelowig is en daarna streef om verskille te aanvaar" (*The Globe and Mail*, 31 Maart 2015).

Wie se "werklikheid" maak in elk geval saak? Sekerlik nie die inskiklike gelatenheid wat deur politieke korrektheid vereis word nie; die Bybel waarsku dat net dwase beweer dat daar geen God is nie en dat hierdie dwase se dade korrup is (Psalm 14:1; 53:1). Sal u die argumente van diegene glo wie se anti-God, pro-evolusionêre idees se "einde ... in die verderf" is (Filippense 3:18-19)? Of sal u glo dat God die Vader en Sy Seun, Jesus Christus, werklik diegene is wat alle dinge geskape het? (Jesaja 42:5; Johannes 1:3). Daar is bewyse! Die keuse berus by u om daarna te soek. WvM

# Die waarheid oor die hel

Deur Richard F. Ames

*Wie is nou in die hel? U onbekeerde familie? Mense wat nog nooit van Jesus Christus gehoor het nie? U Bybel verduidelik die waarheid oor die hiernamaals en wat werklik gebeur wanneer u sterf!*

As 'n leraar wat begrafnisse deur die jare gelei het, het ek baie weduwees, wewenaars en ander oorblywende gesinslede gesien wat deur die waarhede in hulle Bybels vertroos is – hulle weet God se Woord beloof dat hulle geliefdes weer uit die dood opgewek sal word. Aan die ander kant het ek ook die geestelike wroeging van diegene gesien wat aanneem dat 'n "ongeredde" lid van die gesin of vriend ewigdurende pyniging in die hel verduur.

In 2007 het die Gallup-Organisasie hulle opname oor "Waardes en oortuigings" vrygestel, wat openbaar dat 81% van Amerikaners in 'n hemel glo en 69% in 'n hel. Geloofsoortuigings oor hemel en hel wissel egter aansienlik. Sommige mense kry hulle idees van die hemel en hel uit fiktiewe werke soos die van die middeleeuse Italiaanse digter, Dante se *Divine Comedy*, terwyl andere hulle weer na wetenskaplike verhandelings oor "naby dood ervarings" wend vir leidrade oor wat na die dood gebeur.

Lesers van die *Wêreld van Môre* weet dat ons na God se Woord kyk vir antwoorde op die lewe se mees basiese vrae. Wat sê u Bybel oor hemel en hel en oor die toekomstige hoop van diegene wat gesterf het? Die goeie nuus is dat die Waarheid van die Skrif hoop kan gee aan diegene wat deur valse inligting oor hemel en hel mislei is.

**Aan die slaap tot die opstanding**

Terwyl die Sanhedrin Hom ondervra het, het die apostel Paulus sy mees kosbare oortuigings verduidelik. Terwyl hy die ware grondslag van sy hoop op lewe na die dood verdedig het, het hy die opstanding uit die dood die sentrale punt gemaak: "En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg" (Handelinge 23:6).

Het Paulus gesê dat hy na die hemel sou gaan wanneer hy sterf? Nee! Paulus het na die opstanding uit die dood, tydens Jesus Christus se Wederkoms, uitgesien! Paulus skryf oor sy geloof in Christus en sy toekomstige doelwit tydens die opstanding: "... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik" (Filippense 3:10-11).

So skokkend as wat dit vir diegene mag klink wat die wêreld se gebruiklike begrip aangeneem het, leer die Bybel ons dat wanneer mense sterf, hulle tot die opstanding dood bly. Die opstanding is ware Christene se hoop! Die apostel Paulus wou hê dat ons hierdie waarheid oor die opstanding moes weet. Hy skryf: "Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie" (1 Thessalonicense 4:13-15).

Paulus het die woord ontslaap as 'n metafoor vir dood gebruik. U mag dalk dink: "Daar moet tog sekerlik 'n klompie sondaars wees wat op hierdie oomblik in 'n ewigbrandende helse vuur gemartel word!" U mag verras wees om uit te vind dat die Bybel antwoord: Baie beslis nie!

Ja, soos ons later sal sien, verduidelik die Skrif dat onboetvaardige goddelose mense ná die Groot Wit Troon Oordeel

(Openbaring 20:14-15; 21:8), in die poel van vuur gegooi sal word. U Bybel noem dit die ewige straf (nie **ewigdurende** straf nie), die "tweede dood" – die finale dood waaruit daar geen toekomstige opstanding sal wees nie. Wie gaan egter na daardie ewige straf en wanneer? Soos ons later in hierdie artikel sal sien, het geen mens nog daardie straf ondervind nie en dit mag ook op veel minder mense van toepassing wees as wat u verwag!

Let daarop dat die apostel Paulus nie die Christene wat gesterf het, as aktief of lewend in die hemel beskryf nie. Hulle slaap – is dood – totdat hulle met Christus se Wederkoms opgewek sal word. Paulus skryf verder: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde" (1 Thessalonicense 4:16-18).

Let daarop dat hierdie opstanding "by die basuin" van God plaasvind. Dit is die laaste basuin, die sewende basuin wat in Openbaring beskryf word (1 Korinthiërs 15:52; Openbaring 11:15). Let ook op: "... die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan". Ware Christene wat gesterf het sal nie opgewek word voor Christus se Wederkoms nie! Diegene van ons wat nog lewe tydens Christus se Wederkoms, sal by daardie heiliges aansluit wat in die geloof gesterf het. Hulle sal uit die dood opgewek word om die beloofde gawe van die ewige lewe te ontvang! Dit is waarna alle ware Christene vandag uitsien – die opstanding tot onsterflikheid met Christus se Wederkoms!

Ja, die Skrif bevat baie verwysings na individuele opwekkings uit die dood na fisiese lewe, soos toe Christus vir Lasarus uit die dood opgewek het (Johannes 11:43). Die opstanding waarop Christene hoop, is egter die opstanding tot onsterflikheid – die eerste van drie "algemene" opstandings wat in u Bybel beskryf word.

**Wie is in die hemel?**

Waarheen sal Christene gaan nadat hulle opgewek is? Sal hulle die ewigheid in die hemel deurbring? Om te begin om hierdie vraag te beantwoord, behoort ons te vra: "Wie is nou in die hemel?" Wat van die helde van geloof wat in Hebreërs 11 vermeld word, waarna dikwels as die "geloofshoofstuk" in u Bybel verwys word? Indien enigeen van hulle in die hemel is, behoort dit tog sekerlik koning Dawid te wees (want God noem hom in Handelinge 13:22 "'n man na my hart") – maar wat sê u Bybel?

Op Pinksterdag in 31 n.C., het die apostel Petrus vir 'n groot skare gepreek. Nadat hy hulle van die Messias se opstanding uit die dood vertel het, verduidelik hy: "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe" (Handelinge 2:29). Om dit nog meer duidelik te maak, voeg hy by: "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (vers 34).

Jesus Self het hierdie punt baie duidelik gemaak deur te sê: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Johannes 3:13). Die apostel Johannes het hierdie stelling omtrent 60 jaar na Jesus se dood en opstanding neergeskryf, dus het hy 'n terloopse opmerking by sy Verlosser se woorde gevoeg: "... naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is". Johannes se stelling bevestig dat toe hy sy Evangelie in die mid-90's n.C. geskryf het nog nét Jesus Christus na die hemel opgevaar het!

Die Skrif openbaar dat die heiliges die aarde en "alle dinge" sal beërwe – die heelal (Openbaring 21:7; Romeine 8:32)! Daardie erfenis sal egter nie voor die opstanding gegee word nie! Die Bybel toon duidelik dat dié wat dood is, dood bly tot die opstanding. Die idee dat mense met hulle dood direk hemel-toe of hel-toe gaan, is op die heidense leerstelling van die onsterflikheid van die siel gebaseer, wat nie in u Bybel voorkom nie, maar wat in die belydende Christendom ingebring is namate dit deur die Romeinse Ryk versprei het en baie voormalige heidene hulle ou leerstellings in hulle nuwe kerke ingebring het!

Ons behoort te verstaan dat ons nie met onsterflikheid gebore word nie. Dit is 'n gawe, 'n geskenk van God! Onthou: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Let daarop dat die Skrif nie sê: "... die loon van die sonde is ewige lewe in die helse vuur" nie. Die loon van sonde is nie ewige lewe nie, dit is dood – die afwesigheid van lewe. Indien u reeds oor 'n onsterflike siel beskik, indien u alreeds ewige lewe het, dan benodig u dit nie as 'n geskenk van God nie. Ja, 'n siel kan sterf! Die profeet Esegiël herinner ons: "… die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4).

Die Hebreeuse woord vir "siel" is *nephesh*, wat fisiese of natuurlike lewe beteken. In Genesis 1 verwys hierdie selfde woord *nephesh* ook na "al die lewende wesens" – na alle dierlike lewe, met inbegrip van soogdiere, visse en voëls. Die Bybel leer ons dat daar 'n gees in die mens is (1 Korinthiërs 2:11; Job 32:8, 18). Hierdie menslike gees is nie 'n onsterflike siel nie.

Is die siel onsterflik? Jesus waarsku ons: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe [vernietig] in die hel" (Mattheüs 10:28). Ja, indien u u Bybel glo, moet u erken, God beskik oor die mag om die siel te vernietig!

**Van watter "hel" praat u?**

Moontlik kom die heel algemeenste hedendaagse begrip van die hel in die Westerse nasies van die bekende Italiaanse digter, Dante Alighieri, wat sy *Divina Commedia* of *Goddelike Komedie* geskryf het, wat uit drie dele bestaan: *Paradiso*, *Purgatorio* en *Inferno*, of *Paradys*, *Vagevuur* en *die Hel.*

In Dante se *Inferno*, lei die digter Virgil vir Dante op 'n mitiese reis deur die hel. By die hel se ingang is 'n onheilspellende teken met die woorde: "Gee alle hoop prys, jy wat hier ingaan". Virgil vertel aan Dante wat hy op sy reis kan verwag. "Ek sal jou gids wees en jy sal my volg en ek sal jou deur 'n wêreld van pyn lei waar dooie siele in eindelose pyn krul en roep terwyl hulle skreeu om weer te sterf" (*Canto I*, bl. 24; eie vertaling).

Baie mense sal geskok wees om te leer dat hierdie duidelike beeldspraak **nie** uit u Bybel kom nie. Die hel van die Skrif is nie wat Dante uitbeeld nie. Indien dit wel waar is, wat en waar is die hel? Die bogemelde Mattheüs 10 verwysing gee aan ons 'n deel van die antwoord. Die woord vir "hel" wat Christus in Mattheüs 10:28 gebruik het, was "*Gehenna*" – 'n benaming vir die Hinnomvallei, die brandende vullishoop net buite Jerusalem, waar afval verbrand en vernietig was. Dus, in 'n sekere sin, is "hel" die Hinnomvallei. Die woord "hel" kan misleidend wees, aangesien daar vier verskillende woorde is – drie in Grieks en een in Hebreeus – wat in Afrikaanse Bybels as "hel" vertaal word. Elkeen van daardie woorde het 'n ander betekenis.

In die *King James Version* en die *New King James Version* is *sheol* die Hebreeuse woord wat dikwels as "hel" vertaal word – dit beteken eenvoudig 'n "gat" of "graf". Dit beteken nie 'n plek van ewigbrandende vuur nie! Die woord *sheol* kom 65 keer in die Ou Testament voor, nogtans word dit in die *King James Version* slegs 31 keer as "hel" vertaal! Dit word 31 keer as "graf" vertaal en drie keer as "gat". Indien u in die *New International Version* lees, sal u opmerk dat *sheol* nooit as "hel" vertaal word nie – dit gebruik eenvoudig die Bybelse en taalkundig korrekte woord, "graf". [In die Ou sowel as die Nuwe Afrikaanse Vertalings, die Lewende Bybel en die Nuwe Lewende Vertaling, word die woord deurgaans as "dood" of "doderyk" vertaal.] Volgens hierdie definisie kan u dus sien dat niemand tans besig is om in *sheol* te brand nie.

Saam met *Gehenna* wat die vuur beskryf wat die siele van die bose mense sal vernietig (Mattheüs 10:28), bevat u Nuwe Testament twee ander Griekse woorde wat in Afrikaans as "hel" vertaal is. Die Griekse woord *hades*, net soos die Hebreeuse woord *sheol*, beteken eenvoudig 'n "put" of "graf". Indien u die *New King James Version* lees, sal u opmerk dat die woord *hades* dikwels onvertaald gelaat is.

Die vierde Bybelse woord wat as "hel" vertaal is, is die Griekse woord *tartarus*. Hierdie woord dui 'n toestand van inperking aan

en volgens u Bybel het dit net op gevalle engele betrekking en nie op sondige menslike wesens nie. Let op: "Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel [*tartarus*] gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word" (2 Petrus 2:4).

Soos u dus kan sien, deur die Engelse woord *"hell"* vir al vier hierdie woorde te gebruik, met hulle drie uiteenlopende betekenisse, word die waarheid van u Bybel nie akkuraat oorgedra nie. Wanneer iemand u dus oor die hel uitvra, behoort u hulle te vra om dit te omskryf: "Van watter 'hel' praat u?"

U mag nogtans wonder: "Wie gaan hel toe?" Is God onregverdig? Ons weet dat die naam van Jesus Christus die enigste naam is waardeur enigiemand gered kan word (Handelinge 4:12). Beteken dit dus dat diegene wat nog nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie, veroordeel is tot die ewige hel sonder enige fout aan hulle kant? Of het God twee verskillende standaarde vir mense, afhangende of hulle al die naam van Jesus Christus gehoor het of nie?

Die antwoord mag u verras, maar behoort u ook hoop te gee. God sal aan elke menslike wese die geleentheid gee om die Ware Evangelie te hoor. Indien hulle daarop reageer, Jesus Christus se offer aanvaar en met die hulp van die Heilige Gees Sy gebooie gehoorsaam, sal hulle gered word. "Maar wat van die biljoene mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit die Evangelie te hoor?" Die antwoord hierop word in Openbaring gevind, waarin 'n **toekomstige** tyd, bekend as die Groot Wit Troon Oordeel, beskryf word.

**Die "boeke" sal geopen word**

Vandag se Christene wat in die geloof sterf, of diegene wat nog tydens Jesus Christus se Wederkoms leef, sal deel van die "eerste opstanding" wees en sal hulle Redder en Koning bystaan wanneer Hy tydens die Millennium – wat binnekort hier sal wees – op aarde gaan heers. Indien daar dus 'n "eerste opstanding" is (Openbaring 20:5), moet daar noodwendig ook 'n tweede opstanding wees. Daardie tweede opstanding is die Groot Wit Troon Oordeel. Die Bybel beskryf dit so: "En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:11-12).

Die Griekse woord vir "boeke" is *biblia*. Ja, ná die tweede opstanding sal die "boeke" – die Bybel – vir die eerste keer geopen word vir die begrip van die biljoene mense wat voor die Millennium geleef en gesterf het sonder om ooit die ware Evangelie van Jesus Christus te hoor. Biljoene mense sal hulle eerste geleentheid hê om die waarheid te leer ken – hulle sal ook een besondere voordeel geniet wat ons nie vandag het nie, aangesien hulle die gevolge sal kan sien van wanneer die mensdom sy eie kop volg, soos in ons huidige tyd en dit sal kan vergelyk met die werklikheid van 'n wêreld wat deur Jesus Christus regeer word. Dit is nie 'n "tweede kans" vir daardie mense nie; dit sal hulle heel eerste geleentheid wees om die Waarheid te verstaan, hulle van hulle sondes te bekeer en Jesus Christus as hulle Redder aan te neem.

Ongelukkig, selfs tydens die Groot Wit Troon Oordeel, sal sommige mense God se genade en redding minag. Hulle sal weier om hulle van hulle sondes te bekeer en sal Christus se offer verwerp. God sal nie daardie rebelse mense dwing om Hom te gehoorsaam nie. Hy sal hulle in die poel van vuur vernietig. Uiteindelik sal diegene wat geleef en gesterf het terwyl hulle die waarheid geken het, maar dit verwerp het, opgewek word in 'n derde opstanding – die opstanding tot ewige straf deur dood (nie ewige lewe nie) in die poel van vuur (Johannes 5:29). Ja, God is regverdig. Hy herinner ons: "My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here" (Hebreërs 10:30). Terwyl hulle voor die poel van vuur staan, sal die bose mense gepynig word en dan sal hulle in die vuurpoel

*Vervolg op bladsy 26*

# Churchill: 'n Leeftyd van leierskap

## Deur John Meakin

*"Ons is almal wurms, maar ek glo dat ek 'n gloeiwurm (vuurvliegie) is".*
*Winston Churchill to Lady Violet Asquith, 1906.*

Regdeur sy lang en strydlustige politieke loopbaan het baie mense besluit dat die karakter en leierskap van Winston Churchill eenvoudig net nie aan die vereistes van die hoogste politieke amp voldoen het nie. Nietemin het Churchill so helder as Eerste Minister in die Tweede Wêreldoorlog "gegloei", dat geskiedkundiges hom krediet gee vir die redding van die Verenigde Koninkryk, van wat andersins 'n oneervolle nederlaag sou wees.

Watter lesse kan ons op die 50ste herdenking van sy dood en die 70ste herdenking van Vredesdag uit die lewe van hierdie merkwaardige man leer?

**Gebore om te lei?**

Winston Churchill is in 1874 in 'n aristokratiese Engelse familie gebore wat bekendheid verwerf het deur die wedervaringe van sy voorouer, John Churchill, Eerste Hertog van Marlborough, wie die Engelse magte tot sukses in die Spaanse Suksessie-oorlog teen die Franse (1701-1714) gelei het. Daaropvolgende geslagte van die familie was egter nie naastenby so beroemd nie. Sy pa, Sir Randolph Churchill was 'n jonger broer van die agtste Hertog en was met die Amerikaanse sosiale vlinder en erfgenaam, Jennie Jerome getroud, wat Winston dus half Amerikaans maak.

Randolph was 'n Konserwatiewe politikus wat dryfkrag gehad het om Eerste Minister te word. Hy was 'n uitstekende spreker wat opgang gemaak het tot Staatsekretaris vir Indië en Minister van Finansies vir Engeland. Sy loopbaan het egter misluk en sy lewe is deur siekte kortgeknip; hy het in 1895 op die ouderdom van 43 gesterf. Winston het sy vader verafgod en dit as sy eie lewenstaak gesien om sy vader se potensiaal te vervul; hy sou ook 'n lid van die Parlement word.

Winston was baie intelligent, maar nie selfgedissiplineerd nie en op skool het hy hom nie goed gedra nie. Diegene wat hom ontmoet het, het nogtans opgemerk dat Winston selfs as skoolseun, ongewone eienskappe besit het wat hom as buitengewoon geïdentifiseer het, soos genialiteit en die vermoë om hard te werk asook teen 'n tempo wat hom ver sou bring in die rigting wat hy wou inslaan.

Die jong Winston het veral die sterkste sin van sy eie persoonlike doelstelling gehad. Selfs as tiener het hy 'n ongelooflike aanvoeling gehad dat hy eendag in beheer van die verdediging van Londen sou wees en dat hy Londen, die nasie en die Ryk sou red (*In Search of Churchill*, Martin Gilbert, bl. 215). Die meeste mense sou dit nie ontken, dat menslik gesproke, hy die redder van sy land geword het, net soos hy verwag het nie. Churchill het homself as "'n man met 'n roeping beskou, wat deur die Voorsienigheid bestem was om 'n heldhaftige rol op die verhoog van die geskiedenis te speel" (*Churchill, the Unexpected Hero*, Paul Addison, bl. 3).

**Van slagveld na stembus**

Sedert sy jong dae het Winston geweet dat hy by die weermag wou aansluit na die voltooiing van sy skoolloopbaan. Hy is in die ruitery opgelei met die uitsluitlike doel om aksie te beleef, medaljes te verkry en soveel moontlik bekendheid te verwerf voordat hy 'n politieke loopbaan in die Parlement sou nastreef.

Sy strategie was om in Britse koerante en boeke oor sy wedervaringe te skryf, nie bloot om geld te verdien nie, maar ook om 'n reputasie langs hierdie weg op te bou. Hy het homself ook verdiep in deurlopende selfonderrig, gulsig oor historiese en politieke onderwerpe opgelees, ter voorbereiding vir die toekoms wat hy gekies het. Later in sy lewe het hy geskerts dat "geskiedenis my goedgesind

sal wees, want ek beplan om dit te skryf".

Dis bekend dat hy aan gevegte in Kuba, Indië, Egipte, Soedan en Suid-Afrika deelgeneem het, voordat hy die weermag in 1900 verlaat het om sy politieke loopbaan te bevorder deur oral lesings oor sy militêre ervarings aan te bied en deur die boeke wat hy daaroor geskryf het. Teen hierdie tyd was hy al finansieel onafhanklik en so alom bekend – sy biograaf Robert Massie noem hom "die heel bekendste jong man in Engeland" – dat hy in staat was om die verkiesing as 'n Konserwatiewe Lid van die Parlement te wen op die jong ouderdom van 26.

**Toegewyd om te slaag**

Daar word gesê dat Churchill se politieke loopbaan soos die op- en afdraendes van die Britse kinderspel "Slangetjies-en-leertjies" was. Hy word eers as 'n Konserwatiewe lid verkies, waarna hy in 1904 na die Liberale Party oorgaan. As 'n teenstander van sosialisme, help hy nietemin om Brittanje se eerste wet op werkloosheidspensioen op te stel en om op begrotingshervormings aan te dring wat belasting van ryk Britte aansienlik sou verhoog om nuwe en omvattende welsynsprogramme te subsidieer.

Die Eerste Wêreldoorlog, met sy gruwels van mosterdgas en loopgraafoorlog, het 'n geslag Britte meegebring wat versigtig was vir militêre verwikkelinge. Churchill het nogtans die belangrikheid van Brittanje se voortgesette militêre slaankrag ingesien. In 1924 keer hy terug na die Konserwatiewe Party en dien onder Eerste Minister Stanley Baldwin as minister van Finansies, totdat Baldwin se regering deur die Arbeiders, gelei deur Ramsay MacDonald, verslaan is.

Op dié manier begin Churchill sy tyd in die "woestyn". Nadat hy die meeste van die vorige 20 jaar een belangrike regeringspos na die ander beklee het, het Churchill sy volgende dekade feitlik in ballingskap onder sy meer gewilde politieke kollegas verduur. Min mense wou sy boodskap hoor, dat Brittanje in gevaar sou verkeer as dit nie 'n sterk militêre mag sou herbou nie. Min mense het sy waarskuwings oor die groeiende bedreiging deur 'n opkomende Duitsland, wat onder die beperkings van die Verdrag van Versailles gebuk gegaan het, ernstig opgeneem.

**'n Keerpunt**

Nadat Pole in September 1939 deur Duitsland binnegeval is, het Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar. Eerste minister Neville Chamberlain, wat kort tevore op "vrede in ons tyd" aanspraak gemaak het en sy ooreenkoms met Adolf Hitler verdedig het, het nie die vertroue van die Britse volk gehad nie. Wie sou Brittanje dus lei?

Koning George VI, wie se plig dit was om 'n nuwe premier te benoem, het met top Britse leiers beraadslaag en net een naam het telkens na vore gekom as uniek geskik om Brittanje in sy oorlogskrisistyd te lei: Winston Churchill.

In retrospek, is dit vandag maklik om Brittanje se oorwinning in die Tweede Wêreldoorlog as vanselfsprekend aan te neem. Daardie oorwinning was egter geensins verseker in die donker dae van 1940 nie. John Lukacs, die vooraanstaande Amerikaanse geskiedkundige, het sy voortreflike boek, *Five days in London: May 1940*, gewy aan wat hy gevoel het, die vernaamste oomblik in die oorlog was: Die laaste week van Mei 1940.

Teen daardie tyd was Frankryk op die randjie van ineenstorting. Amerika en Rusland was nog nie by die oorlog betrokke nie en Nazitroepe het na die Kanaal voortgestorm en daardeur die hele Britse leër in die noorde van Frankryk in dreigende gevaar geplaas om oorweldig te word. Lord Halifax en die Britse premier Neville Chamberlain het as woordvoerders vir versoening namens die VK Kabinet by Churchill aangedring om Hitler vir voorwaardes van oorgawe te vra. 'n Duitse inval van Brittanje was dreigend en onafwendbaar en Brittanje het alleen gestaan – alles het verlore gelyk. Lukacs som dit op: "... tydens daardie vyf dae in Londen was die gevaar, nie net vir Brittanje nie maar ook vir die wêreld, groter en ernstiger as wat die meeste mense nog steeds dink" (bl. xiii).

Net op een man se breë skouers het die besluit gerus wat hy alleen kon maak. Moes

Brittanje die handdoek ingooi, of staan en veg, kom wat wil? Waarlik, dit was 'n beslissende oomblik ... 'n keerpunt ... wat die daaropvolgende geskiedenis van die wêreld kon verander het. Hitler sou nooit nader kom aan oorwinning as op daardie noodlottige oomblik nie.

**Oorgawe ondenkbaar!**

Dit was 28 Mei, die vooraand van die Dunkirk-ontruimings en Churchill se antwoord aan die hele uitvoerende Kabinet – 25 swaarmoedige mans wat om die tafel gesit het – was ondubbelsinnig. "Natuurlik, wat ook al by Dunkirk gebeur, ons sal aanhou veg! ... Ons sal aangaan en ons sal dit uitveg, hier of elders, en as hierdie lang eilandstorie van ons uiteindelik eindig, laat dit slegs eindig wanneer elkeen van ons op die grond lê en in sy eie bloed verstik" (Lukacs, bll. 2-5).

Churchill se woorde het soos 'n elektriese skok deur die Parlement en die nasie geskroei. Dit was immers nie net die wil van een mens nie – dit was oorweldigend ook die wil van die Parlement en die bevolking. Dan volg 'n vinnige opeenvolging van sy beroemde toesprake, wat bevestig dat Brittanje sou aanhou veg en nooit, ooit sou oorgee nie. Waarlik, soos die Amerikaanse uitsaaiwese se joernalis, Edward Murrow, dit gestel het: "Churchill het die Engelse taal gemobiliseer en dit die geveg ingestuur". Dit was nou verwant aan Churchill se begrip van *geskiedenis* ... van Brittanje, die Britse Ryk en Amerika en hulle oorheersende waardes wat alles die moeite werd maak om voor te veg.

Die oorlog was egter nog nie gewen nie! Brittanje kon dit eenvoudig nie wen sonder die ondersteuning van Rusland en Amerika wat nog moes inkom nie; maar wat van uiterste belang was, "Churchill was die een wat dit nie verloor het nie. Daar en dan het hy Brittanje en Europa sowel as die Westerse beskawing gered" (Lukacs, bl. 2). Hy het tyd gekoop, die geleentheid om te veg en te seëvier. Vandag kan ons ewig dankbaar wees vir Churchill en 'n swaarverdiende geallieerde oorwinning – Brittanje, Amerika en die ryk wat saamstaan, broers, sy-aan-sy. Ons is hier vandag, slegs as gevolg van daardie noemenswaardige oorwinning.

**Die wil van God**

Churchill was nie 'n godsdienstige man nie, nog minder het hy bely dat hy 'n Christen is. "*King and Country*" was vir hom die naaste ding aan godsdiens en die Parlement was waar hy die meeste aanbid het. Hy het nogtans 'n skerp sin van goddelike leiding en die oppergesag van die wet gehad, soos dit duidelik was toe hy op 26 Desember 1941 met 'n gesamentlike sitting van die Verenigde State Kongres befaamd verklaar het dat 'n "groot doel en ontwerp hier op aarde uitgewerk word, waarvan ons die eer het om die getroue dienaars te wees".

Dink aan die woorde wat Lukacs gebruik het om die uiteindelike triomf van Churchill te beskryf. "[Hy] het geslaag as gevolg van sy besluit en – vergun my om dit te sê – as gevolg van God se wil, waarvan hy, soos elke mens, maar net 'n instrument was. Hy was sekerlik geen heilige nie, hy was nie 'n godsdienstige man nie en hy het baie foute gehad. Tog het dit so gebeur" (bl. 218). Het God op een of ander manier vir Churchill voorberei vir die noodlottige uur? Inderdaad, sy sukses laat dit blyk dat dit wel so was.

Churchill se reputasie was omstrede regdeur die grootste deel van sy lewe. Hy was duidelik baie skrander, met flitse van suiwer genialiteit terwyl hy hoogs gemotiveerd was om sukses te behaal, asook met 'n kragtige ego. Hy het ontsaglike energie, dryfkrag, geheue en konsentrasievermoë besit en sy moed en dapperheid was nooit bevraagteken nie. Hy was 'n geharde individualis, baie seker van homself en sy eie opinie en was bestem om aan die spits van sake te wees. Hy was 'n uitstaande en vreeslose spreker met 'n intuïtiewe aanvoeling vir probleme en hulle oplossings.

Hy kon ook die indruk skep van buitengewone opdringerigheid en arrogansie, ambisieus vir gesag en mag, grootpraterig en strydlustig. Hy was van nature hoogmoedig, voortvarend en eiesinnig. Hy het selde erkenning aan ander mense gegee of verskoning gevra.

Churchill se vrou, Clemen-

tine, was onder diegene wat raakgesien het, wat sy genoem het die dieper "edelheid van doel", wat sy ambisie is en hy nagestreef het om te vervul. "Hy het daarna gestreef om bo die skare uit te staan, nie uit selfsug of ydelheid nie, maar omdat hy in die grootsheid van sy land en die universele geldigheid van die beginsels geglo het – maar bo alles die van individuele vryheid – wat deur die evolusie van sy lang geskiedenis gekom het om te verteenwoordig" (*Churchill*, John Keegan, bl. 172).

Vredesdag op 8 Mei 1945 het die einde van die oorlog in Europa beteken. Churchill wou met die oorlogskoalisie voortgaan totdat Japan ook oorgegee het, maar die Arbeidersparty het geweier. In die gevolglike algemene verkiesing het die Arbeiders met 'n oorweldigende meerderheid gewen – meer 'n verwerping van die waardes van die Konserwatiewe Party as van Churchill self. Na baie jare van swaarkry is 'n meerderheid van die land oorgehaal deur die oorvloed beloftes van die Arbeidersparty van 'n beter lewe wat voorlê. Vir Churchill was dit in 'n terugblik 'n bewys van seën. Hy is die wroeging gespaar om met Brittanje se onvermydelike inkorting van globale gesag saam te leef, asook die pyn wat met die geboorte van Israel en die Koreaanse oorlog verband hou. Die geleentheid het hom voorgedoen vir 'n verminderde werklading met meer magte wat aan jonger manne gedelegeer is.

Churchill kon boonop baie van sy aandag aan skryf wy en sou bekendheid verwerf vir die vier bundels van sy *History of the English-Speaking Peoples* en die ses bundels van sy baie persoonlike meesterwerk, *The Second World War*, wat inderdaad gehelp het om sy jeugdige grootpratery te vervul, naamlik dat die geskiedenis sagkens met hom sou werk, omdat hy dit sou skryf.

**Lesse vir die toekoms?**

Lukacs, in die beoordeling van die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog, eindig op 'n donker maar vooruitskouende nota oor die toestand van die beskawing. "Op die allerbeste kon die beskawing oorleef, ten minste vir 'n klein gedeelte, te danke aan Churchill in 1940. Op die ergste het hy gehelp om aan ons ... 50 jaar te gee. Vyftig jaar voor die opkoms van nuwe vorms van barbarisme wat nie beliggaam word deur die gewapende mag van Duitsers of Russe nie, voordat die wolke van 'n nuwe Donker Eeu die lewens van ons kinders en kleinkinders kan beïnvloed" (bl. 219).

Verlede jaar in 2015 was dit 75 jaar – nie net 50 nie – sedert Brittanje se "donkerste uur" en die desperate Slag van Brittanje, wat in die lug bo Engeland plaasgevind het. Die stormwolke van nuwe vorms van barbarisme is inderdaad besig om toe te neem.

Lukacs se vermaningswoorde weerklink wat die Bybel aan ons sê. Die wêreld sal ewenwel deur nog 'n ondraaglike, kort tydperk van duisternis, oorlog en tirannie gaan, selfs erger as die Tweede Wêreldoorlog. Wanneer hierdie tyd aanbreek, sal die wêreld 'n Ware *Verlosser* nodig hê om dit te red van die rand van vergetelheid – om die weg te verlig uit die duisternis na 'n nuwe en permanente era van onbeperkte vrede.

Dit sal egter nie 'n ander uitsonderlike menslike leier soos Churchill wees nie. Dit sal die terugkerende, almagtige Koning van die konings, Jesus Christus, die Messias Self wees. Sy gesig en karakter sal helderder skyn as dié *van 'n klein gloeiwurmpie; dit sal helderder skyn as die son* (Openbaring 1:13-16)!

In sy 90 jaar was Churchill vyf jaar lank 'n lid van die Parlement, 31 jaar lank 'n minister en byna nege jaar lank die eerste minister. Hy was 'n prominente figuur in die Eerste Wêreldoorlog en 'n dominante een in die Tweede Wêreldoorlog. Saam met sy aktiewe lewe in openbare diens, het hy nogtans ook ongeveer 10 miljoen woorde in 40 boeke gepubliseer, met inbegrip van sy oorlog memoires, waarvoor hy in 1953 die Nobelprys vir Letterkunde verwerf het. Hy het ook meer as 500 skilderye vir algemeen kritiese goedkeuring geskilder (sien Johnson, bl. 162).

Nietemin benodig die mensdom veel meer as dít van die leier wat ons van die Derde Wêreldoorlog sal red. Nie net sal Jesus Christus terugkeer om die mensdom van selfvernietiging te red nie (Mattheüs 24:21-22), Hy sal God se Koninkryk op aarde kom vestig waarin die ver-

heerlikte heiliges, deur die genade van God, saam met Hom vanuit Jerusalem en oor die hele wêreld sal regeer (sien Openbaring 11:15-18; 5:10; 20:4).

Wat min mense vandag besef, is dat getroue Christene deel van daardie glorieryke toekoms kan wees! Diegene wat hulle bekeer, die doop en God se Gees ontvang, Christus se offer aanvaar en volgens Sy lewensweg wandel, is besig met voorbereiding vir toekomstige rolle van diens – rolle wat hulle wedergebore in die Koninkryk van God sal sien, nie as blote "gloeiwurms" nie, maar as geestelike wesens wat met die glans van God sal skyn en 'n wêreld sal dien waar niemand meer sal leer om oorlog te voer nie. WvM

# Ek, mens

## Deur William Williams

*Verstaan die menslike wesens werklik hulle ware potensiaal in ons hoë-tegnologiese wêreld?*

Die kosmoloog Stephen Hawking glo "die ontwikkeling van volledige kunsmatige intelligensie [KI] kan die einde van die menslike ras uitspel". Elon Musk, uitvoerende hoof van SpaceX en produksie ingenieur van Tesla Motors, waarsku dat KI een van die grootste bedreigings vir ons beskawing mag wees. Is sulke vrese geregverdig? Sal KI die ondergang van die menslike ras wees?

Gedurende die middel-20ste eeu het die bekende wetenskapfiksie skrywer, Isaac Asimov, gefrustreerd geraak met die algemene en eenvoudige wetenskapfiksie tema van versteurde robotte met "Frankenstein komplekse" wat teen hulle menslike meesters draai. Hy het 'n reeks kort stories (*I, Robot,* 1950) geskryf en bied daardeur nuwe perspektief van hoe en waarom KI teen die mensdom mag draai. Net soos die vrees vir KI wêreldoorheersing Asimov [se werk] voorafgegaan het, het dit hom oorleef en gaan dit steeds voort om die populêre verbeelding, rolprent na rolprent, te inspireer.

Rolprent-kritici bespot dikwels films soos *Terminator*, *Oblivion* en selfs die filmaanpassing van *I, Robot* as die oppervlakkige "Frankenstein monster" scenario wat deur Asimov betreur word. Hierdie films het nogtans gewild gebly, wat nie verrassend is nie, omdat dit hulle werklike voortgesette bekommernisse weerspieël.

Lees hierdie onlangse verklaring van *The Economist*: "Vrese dat die gruwels wat mense skep hulle meesters sal word, of hulle teregstellers, is glad nie nuut nie, maar ... met superrekenaars in elke sak en robotte wat op elke slagveld afkyk, lyk dit na selfmisleiding om dit as wetenskapfiksie af te maak" (9 Mei 2015).

**Watter gevaar is groter?**

Wat behoort ons meer bekommerd te maak, ons steeds meer verbasende masjiene en rekenaars, van selfone tot speelgoed tot wapen-stelsels, of ons eie menslike natuur? Van *I, Robot* tot *Terminator* en daarna, deel hierdie stories 'n ontnugterende ondertoon wat verder strek as eenvoudige moorddadige masjien-chaos. Hulle stel voor dat KI kan besluit om oor te neem, nie net om homself te beskerm nie, maar selfs om sy robotmissie te vervul om die mensdom teen selfvernietiging te beskerm, al sou dit slawerny van dieselfde lewensvorms beteken wat dit bedoel was om te beskerm.

Gegewe hierdie vrese, tesame met moderne vooruitgang in tegnologie, is dit geen verrassing dat kommentators van baie terreine vra: Wat is KI se beperkings? Sal masjiene eendag menslike emosies ten volle herken en dit selfs volmaak kan naboots of ontwikkel? Wanneer, indien

*Vervolg op bladsy 26*

# Die menslike oog: Venster vir die verstand

Deur Wallace G. Smith

Elke beeld van elke oomblik wat ons regdeur ons lewens aanskou, sal vir ons waardering ingesamel word deur twee klein wonderwerkies van God, wat ons so maklik as vanselfsprekend kan aanvaar: Ons merkwaardige oë. Het u al aan die verrassende wonder van die ontwerp van u oë gedink?

Terwyl ek hierdie artikel tik, ry ek en my vrou ooswaarts na Charlotte, Noord-Carolina in die oostelike deel van die Verenigde State van Amerika en op hierdie spesifieke oomblik beweeg ons deur die pragtige *Smokey Mountains*. In 'n oogwink versamel my oë 'n magdom van merkwaardige beelde: Van breë, uitgestrekte vergesigte tot klein en pragtige detail. Op 'n stadium neem ek die hele bergagtige gesigseinder waar en sien die onreëlmatige grenslyn teen die blou lug, sowel as die ryk skakerings van groen wat afvloei in dig-beboste heuwels.

Op die vêrgeleë kruin van 'n berg kan ek 'n enkele tak aan 'n enkele boom uitmaak, selfs sy individuele blare. Binne 'n oogwink verskuif my blik na 'n pragtige veld vol goue veldblomme net buite my motor se venster. Nie lank daarna nie gaan ons deur 'n tonnel en word die wêreld van baie helder kleure deur die wêreld van totale donkerheid vervang. Deur dit alles kan ek voortdurend en sonder onderbreking sien en drink ek die tonele van my omgewing in.

Al hierdie waarnemings was myne binne die bestek van 'n paar sekondes en het byna onmiddellike en outomatiese aanpassing van my oë by verskillende omstandighede vereis. Om dit te doen, benodig die oog van die ingewikkeldste ontwerpe en koördineringsmeganismes in die hele menslike liggaam.

**Hoe dit werk**

Lig gaan deur die *kornea* die oog binne – 'n sterk, helder, buigbare struktuur aan die voorkant van die oog. Die kornea toon merkwaardige ontwerp wat dit toelaat om twee funksies te verrig. Eerstens, dit is 'n taai, self-genesende struktuur wat die bio-meganiese stres van sy rol as 'n skild vir die binne-oog weerstaan, deur dit teen onsuiwerhede en besoedeling te beskerm. Dit begin ook werk om die beeld wat u oog binnekom te *fokus*, deur die lig akkuraat te buig sodat dit deur die *pupil kan gaan wat* die opening in die middel van die *iris* is.

As die oog se venster gee die iris nie net aan elkeen van ons oë hulle eiesoortige kleur nie – sê nou maar blou, bruin, of groen – maar dit het ook die merkwaardige vermoë om die grootte van die pupil presies en outomaties te verander, net soos die sluiter van 'n kamera, ten einde die hoeveelheid lig wat die oog binnegaan vinnig en met ongelooflike presiesheid te wissel.

Wanneer lig die oog verder binnedring, gaan dit deur die kristalhelder *lens* agter die iris om die fokus te voltooi. In teenstelling met die glaslense van 'n *kamera*, is die lens van u oog 'n buigbare, organiese struktuur wat voortdurend en vinnig van vorm kan verander, soos dit benodig word, ten einde die fokusvermoë daarvan te vervolmaak.

Die lig wat nou gefokus is, gaan deur die deursigtige *glasagtige vloeistof* van die binne-oog, wat gelyktydig die druk voorsien wat nodig is om die ronde vorm van die oog te behou, voeding aan die oog se retinale vaatjies te voorsien en as 'n medium vir die inkomende lig te dien om ongestoord van die lens na die *retina* deur te gaan.

Die retina aan die agterkant van die oog dien as 'n projektorskerm waarop die beeld deur die kornea en die lens gefokus word. Dit is uit meer as *130 miljoen* uiters sensitiewe, mikroskopiese retinale selle saamgestel. Hierdie selle verskil in tipe – van staafvormige selle wat ontwerp is om ligverwerking te maksimaliseer om ons te help

om in donker toestande te sien, tot kegelvormige selle, wat sensitief is vir kleur en wat ook voorsiening maak vir skerp visie en die bespeuring van klein detail. Daar is in werklikheid drie tipes kegeltjies, elkeen ontwerp om een van die drie primêre kleure van alle sigbare lig op te spoor: Rooi, blou en groen. Deur saam te werk in kombinasie is hierdie drie tipes kleur-sensitiewe selle in staat om feitlik *enige* kleur in die sigbare spektrum te onderskei.

Wanneer die gefokusde lig 'n retinale sel tref, vind 'n chemiese waterval plaas wat die *lig* energie in *elektriese* energie omskakel, wat dan deur ongeveer *een miljoen* senuweevesels van elke oog na u brein gestuur word, waarna die seine gedekodeer en geïnterpreteer word in die beeld wat u "sien".

Dit alles vind *voortdurend* teen ondenkbare spoed plaas! Omdat u oog voortdurend deur lig en beelde van voortdurend veranderende tonele oorstroom word, is hierdie stelsel die hele tyd aan die werk: Kundig en outomaties besig om die hoeveelheid lig wat die oog binnegaan te modereer om helderheid te optimaliseer en daardie lig met verstommende akkuraatheid te fokus terwyl dit deur verskeie lae materiaal en vloeistowwe beweeg, die lig fotone in elektriese seine omskep, en hulle dan in 'n kode te stuur wat deur die brein verstaan word, sodat u die seën van *sig* kan geniet.

Nietemin, die beskrywing van die apparaat en masjinerie van die oog wat hier aangebied word, is slegs 'n opsomming. Dit sou ons aan tyd ontbreek om van al die merkwaardige strukture te vertel wat as 'n eenheid saamwerk om die ten volle funksionerende oog te vorm: Die sklera, die ekstra-okulêre spiere, die vaatvlies, die fovea – die lys sal onophoudelik kan aangaan. Dit is voldoende om te sê dat die twee klein bolle waardeur die skouspel rondom ons ingewin word vir ons verbruik en oorweging, 'n wonder van ontwerp en ingenieurswese is wat geen menslike vakman in staat was om te ewenaar nie.

**Die verskyning van ontwerp**

Soos Robert Jastrow, die beroemde agnostiese sterrekundige en astrofisikus eenkeer gesê het: "Dit lyk of die oog ontwerp is, geen ontwerper van teleskope kon dit beter doen nie. Hoe kon hierdie wonderlike werktuig toevallig deur 'n opeenvolging van toevallige gebeure ontwikkel het?" (*The Enchanted Loom*, bll. 96-97).

Jastrow, 'n evolusionis, was eenvoudig besig om die gedagtes van Charles Darwin self – wat die skepper van evolusie-teorie was – te parafeer en daaroor te besin. Deur die oog 'n orgaan van "uiterste volmaaktheid en ingewikkeldheid" te noem, het Darwin eenkeer gesê: "Om aan te neem dat die oog met al sy unieke vermoëns om die fokus na verskillende afstande aan te pas, vir die toelating van verskillende hoeveelhede lig, asook vir die regstelling van sferiese en chromatiese afwykings, sodat natuurlike seleksie gevorm kon word, moet ek vrylik bely, lyk absurd in die hoogs moontlike graad" (*The Indelible Stamp*, ed. JD Watson, bl. 444).

Darwin het nogtans geredeneer dat dit so *mag* wees en baie evolusioniste het gesukkel om te bewys dat sy geloof in sy teorie korrek is. Selfs die beste verduidelikings wat hulle kon saamflans oor hoe so 'n wonder soos die menslike oog deur blinde, onbegeleide natuurlike prosesse kon ontstaan het, is om dit sagkens te stel, hoogs spekulatiewe fantasieë en oorvereenvoudigde modelle, wat op ongegronde aannames gebaseer is en getuig van meer verbeelding as bewyse.

Daar is nog steeds geen bevredigende verduideliking nie, behalwe deur die ontwerp van 'n intelligente Skepper, vir die wonder van ingenieurswese wat ons die *oog* noem.

Daardie oë – dit wat u nou gebruik om hierdie artikel te lees – is die vensters na die wêreld wat God vir ons verstand gemaak het, waardeur die beelde van ons lewens en die heerlikheid van Sy skepping voortgaan om helder te skyn vir ons genot en bepeinsing. Soos Koning Salomo, kan ons Hom ook vir Sy werke loof: "'n Oor wat hoor en 'n oog wat sien – die HERE het hulle altwee gemaak" (Spreuke 20:12). WvM

# Môre se Jeug

## Skakerings van grys of lewende kleure?

### Deur Jonathan McNair

Hoe kan enigiemand die gewildheid van die onlangse top-verkoper boek-reeks, *Fifty Shades of Grey* verduidelik, asook die daaropvolgende film? Hoewel die boeke en film 'n waardestelsel uitbeeld wat vreemd is aan enige opregte belydende Christen, toon meningspeilings dat die boek deur soveel as nege persent van Amerikaanse vroue wat hulleself Christene noem gelees is. Wat is die aantrekkingskrag? Kan dit ten minste, deels die uitgangspunt van die titel wees – “skakerings van grys” – wat die wêreld se menslike begeertes boei om reg en verkeerd nie as absoluut te sien nie, maar as 'n konsep wat verband hou met die omstandighede en dus relatief is.

Trouens, selfs onder baie belydende Christene is moderne moraliteit afgewater na “skakerings van grys” terwyl lank gehandhaafde dogmas verwerp en as uitgedien beskou word. Dit geld selfs vir iets so fundamenteel soos die man-vrou verhouding.

Byvoorbeeld, is dit verkeerd vir 'n man en vrou om voor die huwelik 'n seksuele verhouding te hê – 'n “proeflopie” vir die huwelik om te sien of daar aanpasbaarheid is? Ander paartjies mag dalk nie so ver gaan nie, maar sal geen probleem hê om van tyd tot tyd voor die huwelik saam te slaap nie. Vir ander sal saamslaap verbode wees, maar voorspel is in orde aangesien hulle soen en liefkosings bloot as deel van die proses beskou om iemand, op wie hulle verlief is, te leer ken. Is dit dus 'n ander grys area? Is buite-egtelike seksuele aktiwiteit net 'n kwessie van persoonlike keuse?

Wat van pornografie? Is dit in orde om erotiese, pornografiese beelde te bekyk solank daar geen fisiese kontak is nie? Is pornografie net 'n “slagofferlose misdaad”? 'n “Grys area”? Wat van seksueel promiskue lirieke in musiek? Is dit in orde om na musiek te luister wat hoerery verheerlik? Of is dit net verkeerd as mens saam sing? Is dit net 'n grys area wat op persoonlike keuse berus, met geen werklike reg of verkeerd nie?

Wat van die rolle en verantwoordelikhede van mans en vrouens in die gesin? Is daar 'n verskil tussen hoe 'n man sy rol as vader en eggenoot, of hoe 'n vrou haar rol as vrou en moeder, behoort te vervul? Of is dit alles net 'n “grys area”?

**Ander “grys areas”?**

Ons hoef nie ver te kyk om ander “grys gebiede” in ons kultuur te vind nie.

In enige beskaafde nasie word moord as 'n misdaad erken. Nietemin, op 22 Januarie 1973 het die Amerikaanse Hooggeregshof verklaar dat 'n vrou 'n ander mens mag vermoor indien dit in haar moederskoot is. Oor die afgelope veertig jaar het 'n debat gewoed oor die kwessie van wanneer 'n baba nou eintlik 'n mens is. Is aborsie moord na bevrugting? Of is die fetus nie regtig 'n persoon totdat weke of selfs maande verloop het nie? Vir baie mense in ons kultuur, is dit 'n “grys” area.

Wat van gewelddadige videospeletjies? Is dit reg om voor te gee iemand word vermoor, solank dit “net 'n speletjie is”? Waar trek mens die streep tussen “onskuldige pret” en “om onsself aan geweld gewoond te maak”? Een van die uitdagings van grootword in 'n kultuur wat nie God se gesag erken nie, is die uitdaging om deur die mis van die “grys areas” te sien.

Hoe kan ons verby die grys kyk? Hoe kan ons die volle spektrum sien van dit wat God vir ons bedoel het?

**Die volle spektrum**

Wat is “grys” per slot van sake? Volgens Webster se *New World Dictionary of the American Language*, is die kleur grys “'n neutrale of kleurlose kleur wat letterlik beteken dit is 'n kleur 'sonder kleur'”. Eties gesproke, beskryf grys situasies

met geen duidelike morele waarde nie. In 'n wêreld sonder God se openbaring, is alles met 'n grys morele verfkwas geverf. Niemand kan sê of enige besluit, optrede of gedagte heeltemal goed of sleg is nie!

*Dit is egter hier waar die mensdom 'n geleentheid laat verbygaan*.

In die Bybel lees ons dat God 'n tuin vol bome geplant het. Ons word vertel hierdie bome was "begeerlik om te sien en goed om van te eet" (Genesis 2:9). Watter soort bome dink u was daar? Dink aan die kleurvolle verskeidenheid van bome in ons pragtige wêreld. Appelbome, peerbome, perskebome, appelkoosbome, pruimbome, piesangs, veselperskes ... Die lys gaan net aan!

God het gesê dat Adam (en Eva) van alles kan eet! God het gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet" (vers 16). Met ander woorde, Hy het Adam en Eva 'n kleurvolle, pragtige, heerlike wêreld van wonderlike bome gegee om te geniet. Hulle kon daaraan raak, dit bestudeer, meer daarvan plant en van hulle heerlike vrugte eet.

In 'n sin het hulle die "volle spektrum" van bome gehad, net soos ons visueel 'n volle spektrum van pragtige kleure kan sien. Waarom sien ons kleur en nie net grys nie? Die rede het te doen met hoe ons oë gemaak is. Die "stafies" in ons oë stel ons in staat om skakerings van grys te onderskei – al die pad van wit na swart. Met die byvoeging van "kegeltjies" word ons visie egter lewendig met kleur. Hulle maak dit vir ons brein moontlik om blou en groen, rooi en geel, oranje en indigo uit te ken. Trouens, sommige wetenskaplikes sê dat ons as mense, tien miljoen verskillende kleure kan onderskei! (Wyszecki, *Color*, bl. 824).

Daar was moontlik nie tien miljoen bome nie, maar 'n groot verskeidenheid bome was tot Adam en Eva se beskikking. Daar was net een uitsondering – een boom was "verbode" (vers 17). Daardie boom het rebelsheid teenoor God verteenwoordig en die reg om vir hulleself te besluit wat goed en wat kwaad was. Hulle het nogtans al die bome van die tuin prysgegee – met inbegrip van die heel kosbaarste, die boom van die lewe – vir die een boom wat hulle nie kon kry nie.

**Leef in tien miljoen kleure**

Die idee van "skakerings van grys" bring 'n gevoel van 'n mengsel van goed en sleg na vore. 'n "Grys area" is 'n area wat reg of verkeerd mag wees. Ons as mense het 'n neiging om ons in die morele middeweg rond te bevind. God het egter nie lewe geskep om 'n eindelose reeks kompromieë tussen reg en verkeerd te wees nie. God gee aan ons 'n kleurvolle spektrum van miljoene regte, positiewe, produktiewe, energieke, sukses-skeppende dinge om te doen, te dink en te sê. Hierdie is almal fasette van liefde tot God en ons medemens en ons raak in die moeilikheid wanneer ons ons daarvan distansieer.

In Genesis 2:24 sê God aan Adam dat 'n man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou sal aankleef. Met ander woorde, dit is reg en goed om die huis van ons geboorte te verlaat en met 'n nuwe gesin te begin, om seksueel en emosioneel met 'n lewensmaat te verbind. Ons kan ons lewensmaat kies, trou en 'n lewe skep met 'n eindelose aantal Bybel-toepaslike keuses oor hoe ons 'n gelukkige en produktiewe lewe saam kan leef (Spreuke 5:18). God gee aan ons skakerings van mooi lewende kleure wanneer Hy ons in die rolle inlei wat Hy bedoel het vir die man en vrou (Efesiërs 5:22-33). Hierdie pragtige "kleure" van die Bybelse huwelik is soveel beter as die "grys areas" van man- en vroulike fisiese aantrekkingskrag gemeng met wellus, ontug en owerspel.

Wat nou van die tweede voorbeeld wat hierbo genoem is? Waarom sal ons ploeter in die somber "grysheid" van virtuele moord in 'n video speletjie? Waarom die moord op 'n baba in die baarmoeder rasionaliseer deur die aantal dae sedert bevrugting te tel?

Ons God en Skepper van die heelal verklaar dat Hy na die aarde gekom het sodat ons lewe en oorvloed kan hê! (Johannes 10:10). Ons hoef nie in die "grysheid" van die mens se morele verwarring te leef nie. In plaas daarvan kan ons leer om die helder kleure van regverdige, opbouende dade te sien en **geseën** *te word!* WvM

# Vrae & Antwoorde

**Indien u alles weggee het, hoe kan u 'n vrygewige gewer wees?**

**VRAAG:** Handelinge 4:32-35 toon aan dat die Christene "alles in gemeenskap gehad" het. Beteken dit dat 'n vorm van "geestelike kommunisme" God se ideale manier is? Behoort kerke deesdae te probeer om hierdie Bybelse praktyk na te volg?

**ANTWOORD**: Ons lees in die boek Handelinge: "En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad ... Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van grond of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het" (Handelinge 4:32-35).

Wat behoort ons hieruit af te lei? Behoort Christene hulle besittings te verkoop, of dit aan 'n kerk of sy leier oor te dra?

Let daarop dat ons nie so 'n gebruik in die briewe van Paulus, Petrus of Johannes vind nie. Ons vind ook nie dat hierdie gebruik elders in gemeentes onder die Apostels se gesag herhaal word nie. Indien die Apostels bedoel het om dit 'n normale gebruik van die Kerk te maak, sou hulle minstens êrens anders daarmee voortgegaan het terwyl hulle die Evangelie in ander streke verkondig het. Inteendeel, ons vind die teenoorgestelde: Die Apostels bevestig die idee van private eiendomsreg, terwyl hulle voortgaan om mildelike Christelike vrygewigheid aan te moedig.

Die Nuwe-Testamentiese skrywers het nie persoonlike eienaarskap veroordeel nie; inteendeel, hulle het dit aangeneem. Dat mense 'n reg oor hulle eie eiendom gehad het was eenvoudig nie vir hulle 'n probleem nie. Byvoorbeeld, die gebooie teen diefstal en hebsug bevestig persoonlike eienaarskap van eiendom en verklaar dat God dit veroordeel as iemand iets neem wat nie aan hom behoort nie (Exodus 20:15, 17). Christus en die Apostels bevestig hierdie gebooie (bv. Mattheüs 5:19; Markus 10:19; Johannes 14:15, 21; 1 Johannes 2:3-4, 22; 3:24; 5:2-3; 2 Johannes 1:6; Openbaring 12:17; 14:12). Daar is heelwat gevalle in die Nuwe Testament wat dui op eienaarskap van huise (bv. Handelinge 10:6; Handelinge 12:12; 21:8; Romeine 16:3-5; 1 Korinthiërs 16:19; Kolossense 4:15). Ons vind voorbeelde van eiendomsreg deur lidmate van die Kerk regdeur die Nuwe Testament.

Terwyl persoonlike eienaarskap as vanselfsprekend aanvaar is, was vrygewige liefdadigheid aangemoedig. God is liefde en gee is eie aan Sy karakter. Indien ons geen persoonlike eienaarskap sou hê nie, hoe sou ons kon leer om te gee en vrygewig te wees? "God het 'n blymoedige gewer lief" (2 Korinthiërs 9:7). Om 'n blymoedige gewer te wees, moet ons iets hê om te gee.

'n Man en sy vrou, Ananías en Saffíra, het 'n stuk grond verkoop, maar 'n deel van die opbrengs teruggehou in 'n skynheilige poging om krediet te kry vir 'n geskenk aan die Kerk. "Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffíra 'n eiendom verkoop en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God" (Handelinge 5:1-4). Dit is duidelik dat Petrus gedink het dat Ananías en Saffíra hulle eiendom besit het en oor die verkoopprys daarvan beskik het.

Waarom het die gemeentelede in Jerusalem dus hulle besittings gedeel, kort ná die Kerk daar op Pinkster gestig is? Neem in ag dat baie nuwe lidmate van die Kerk ver na Jerusalem vir Pinkster gereis het en na ontvangs van die Heilige Gees daar gebly het. Hulle sou dus aansienlike behoeftes gehad het en die vrygewigheid van die plaaslike lidmate het aan hulle behoeftes voorsien.

Ongelukkig gee sommige gierige hedendaagse predikers 'n slegte naam aan Christenskap deur Handelinge 4:32-35 te gebruik om op die eiendom van misleide gelowiges beslag te lê. Om dit te doen is **nie** Bybels nie! "... en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek" (2 Petrus 2:2-3).

God se Woord leer ons om dit wat ons besit verantwoordelik en liefdadig te gebruik om 'n vrygewige karakter te bou – soos Syne. Vrygewigheid is om God se voorbeeld na te volg. God vereis 'n tiende van sy dienaars, maar Hy verwag van ons om ons vrye wil uit te oefen wanneer ons offergawes gee. WvM

# Profesie neem

## Vergete lesse

Baie mense is vandag bekommerd dat wêreldgebeure 'n *gevaarlike* koers inslaan. Verspreide geweld, globale brutaliteit en wydverspreide korrupsie in regerings en samelewings oorheers die nuus. Baie mense sien die erosie van die Westerse samelewing se fundamentele Judeo-Christelike waardes en die gevolglike sedelike verval – en hulle wonder, *waarheen lei hierdie tendense?* Wat hou die toekoms in? Terwyl kritici spot, *openbaar* Bybelprofesieë dat ons moderne wêreld besig is om 'n noodlottige mylpaal in die geskiedenis te nader.

Byna 2,000 jaar gelede het Jesus Christus Sy dissipels beloof dat Hy weer sal kom (Johannes 14:1-3) en Sy Koninkryk op hierdie aarde sal vestig (Daniel 7:27; Handelinge 1:6). Hy het ook voorspel dat Sy Wederkoms baie mense sal *verras* (Mattheüs 24:44). Hy het nogtans aan gelowiges gesê om "waaksaam" te wees vir 'n reeks spesifieke gebeure wat sou aandui dat Sy Wederkoms naby is (sien Mattheüs 24). Een uitstaande teken wat Jesus gesê het Sy Wederkoms onmiddellik sou voorafgaan, is dat wêreldtoestande soortgelyk sal wees aan 'n vroeëre tyd in die mens se geskiedenis, reg voor 'n wêreldwye krisis, "soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees" (Mattheüs 24:37). Ons getuig dat hierdie eindtydse profesieë *besig is om gestalte aan te neem!*

### Dae van Noag

Baie mense aanvaar dat die Bybelse verhaal van Noag net 'n mite is. Jesus verwys tog na die gebeure van Noag se tyd as 'n *feit*. Die apostel Paulus vermaan ons om uit hierdie antieke gebeure te leer want hulle "is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het" (1 Korinthiërs 10:11). Noag het in 'n tyd geleef toe God dramaties ingegryp het in menslike sake vir spesifieke redes – redes wat weer vandag te voorskyn kom. Die Bybel toon aan dat God die menslike beskawing tot stilstand gebring het omdat "die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was ... Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld ... want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe" (Genesis 6:5-12). Die mensdom het heeltemal van God en Sy weë afgedwaal in 'n onbesonne nastrewing van boosheid. Dít is waarom God die antieke wêreld met 'n sondvloed *vernietig* het.

Die Skrif en geskiedkundige bronne openbaar ontnugterende ooreenkomste tussen Noag se tyd en ons tyd. Die Bybel toon aan dat mans van Noag se tyd "vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het" (Genesis 6:2). Aangaande die boosheid wat daardie tye gekenmerk het, het rabbynse geleerdes 1,500 jaar gelede opgemerk dat hierdie verbintenisse waarskynlik ander mans se vrouens, *ander mans* en selfs diere ingesluit het. Die invloed van hierdie perverse gedrag het die sondvloed oorleef toe 'n homoseksuele daad tussen 'n dronk Noag en sy kleinseun Kanaän plaasgevind het (Genesis 9:20-25). Die Bybel bestempel hierdie soort seksuele gedrag duidelik as 'n "gruwel" (Levitikus 18:22). God het 'n beskawing beëindig wat die spoor heeltemal byster geraak het – een wat deurspek was met geweld, perversie en allerhande soorte boosheid – hierdie geskiedkundige rekord het vandag vir ons as 'n waarskuwing behoue gebly.

### Sodom, Gomorra en daarna

Die Bybel sowel as die geskiedenis bewys dat menslike beskawings 'n neiging het om van Bybelse standaarde van gedrag af te dwaal. Die stede van Sodom en Gomorra bied 'n duidelike voorbeeld van hoe menslike boosheid Goddelike straf tot gevolg gehad het. Die

# gestalte aan

Bybel toon aan dat 'n groot rede waarom God die stede van Sodom en Gomorra vernietig het, die mense se grootskaalse homoseksuele bedrywighede was. Terwyl twee engele wat Lot in Sodom besoek het, het "die mans van Sodom, oud en jonk ... die huis van Lot omsingel. Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: 'Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê'" (Genesis 19:1-5 NV). Die profeet Esegiël skryf dat die sondes van Sodom ook ingesluit het: "... trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus ... sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie" (Esegiël 16:49-50). Die Bybel se weergawe verwys na die aktiwiteite van die stede Sodom en Gomorra as 'n "gruwel" vir God – dit is hoe God verdraaide seksuele praktyke beskou (Levitikus 18:6-24). As gevolg van hierdie sondes het "die HERE ... swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën" (Genesis 19:24). Argeoloë het oorblyfsels van 'n antieke nedersetting gevind (*Early Bronze III*), naby Bab edh-Dhra, geleë aan die suidoostelike rand van die Dooie See, wat bewyse van vernietiging toon deur 'n aardbewing en vuur (sien *Archeological Study Bible*). God se straf vir boosheid was finaal!

**Waarskuwings geïgnoreer**

'n Ontnugterende les vir ons vandag is dat deur die hele geskiedenis heen, verskeie waarskuwings van naderende goddelike oordeel geïgnoreer en bespot is deur mense wat dit gehoor het. Noag was 'n "prediker van geregtigheid" (2 Petrus 2:5) wat sy geslag vir ongeveer 120 jaar van hulle naderende ondergang gewaarsku het (Genesis 6:3), maar net agt mense – Noag se huisgesin – het op die waarskuwings ag geslaan. Lot se skoonseuns het gedink dat hy "gekskeer" toe hy hulle aangesê het om uit Sodom te vlug omdat dit vernietig gaan word (Genesis 19:14). Die profeet Esegiël het die nasies van Israel (Samaria) en Juda (Jerusalem) herhaaldelik gewaarsku dat God hulle sou straf omdat hulle *vergeet* het *waarom* Sodom en Gomorra vernietig is – maar hulle was nogtans aan soortgelyke gruwels skuldig (Esegiël 16:46-52) – hulle het verskriklike gevolge gely.

Die apostel Paulus voorspel dat "in die laaste dae" mense "liefhebbers van hulleself [sal] wees, geldgieriges ... trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers ... sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" (2 Timótheüs 3:1-5) – *'n akkurate beskrywing van ons moderne wêreld*. Vandag leef ons in 'n samelewing wat toenemend meer *gewelddadig* en *korrup* raak, net soos in die dae van Noag. Onthoofdings, kruisigings en marteling maak weer nuus. Egbreuk, hoerery, pornografie en egskeiding in die Westerse wêreld is aan die orde van die dag. Die aanvaarding en bevordering van homoseksuele gedrag en dieselfde-geslag huwelike – eens as verdraaide gedrag veroordeel – word nou as 'n "alternatiewe lewenswyse" aanvaar en versprei vinnig in nasies wat eens geloof in Bybelse moraliteit bely het. Die doodmaak van ongebore babas deur aborsie het algemeen byval gevind en genadedood is 'n opsie in sommige van hierdie selfde nasies.

Wanneer samelewings die lesse van die geskiedenis ignoreer en begin om te leef asof daar geen God is nie – asof daar nie iets soos reg of verkeerd is nie – sal daar gevolge wees. Dawid skryf in die Psalms dat net dwase sê: "Daar is geen God nie" (Psalm 14:1) en "al die heidene wat God vergeet" sal vernietig word (Psalm 9:18). Agtereenvolgende profete het die antieke Israeliete gewaarsku dat hulle goddelike straf sou verduur omdat hulle God vergeet het (Hosea 8:14; Jeremia 13:24-27). Dit het militêre nederlaag, vernietiging

van hulle stede en ballingskap ingesluit. Moses het gewaarsku dat die Israeliete "ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29) – dit is waar ons ons vandag bevind. Ten spyte van hierdie antieke waarskuwings openbaar Bybelprofesieë dat "daar aan die einde van die dae spotters sal kom" wat die lesse van die geskiedenis sal *vergeet*, die waarskuwings sal *ignoreer* en die spot sal dryf met die *idee* dat Jesus Christus weer gaan kom (2 Petrus 3:1-10). Ons behoort George Santayana se ontnugterende waarskuwing te onthou: "Diegene wat nalaat om uit die geskiedenis te leer is gedoem om dit te herhaal". Namate die wêreld nog 'n kritieke keerpunt nader, is die vraag: Gaan *u* vergeet, of sal u die lesse van die geskiedenis onthou?

***—Douglas S. Winnail***

---

***Vervolg vanaf bladsy 18 – Ek, mens***

ooit, sal die mensdom se skeppings die intelligensie ontwikkel om sake in eie hande te neem, onstuitbaar deur hulle menslike skeppers?

Albert Einstein, die befaamde fisikus en teoretikus, het eenkeer gesê: "Ek weet nie met watter wapens die Derde Wêreldoorlog geveg sal word nie, maar die Vierde Wêreldoorlog sal met stokke en klippe geveg word". Selfs tydens Einstein se tyd het kernwapens die mensdom binne bereik van sy eie volledige uitwissing geplaas – met of sonder die hulp van KI.

Die Bybel sê nie spesifiek aan ons watter soort tegnologie direk in ons tydperk se laaste groot geveg betrokke sal wees nie. Hoewel dit pynlik duidelik gemaak word dat, ten spyte van ons groot vordering, wanneer ons aan onsself oorgelaat word sal ons uiteindelik ons "wandel op die aarde verderwe" (Genesis 6:12) en onsself uiteindelik vernietig (Mattheüs 24:21-23).

Dit verseker ons ook dat ons eie "intelligente masjiene" ons nie eers sal kan red nie. Ons enigste redding sal uit 'n ander bron kom: Ons God en Skepper, wie nog in die proses is om ons te vorm en te ontwikkel sodat ons eendag 'n beter manier kan aanleer om ons menslike intelligensie te gebruik.

Daardie beter manier behels eerstens 'n "uitverkorene" wat nou deur God geroep word – maar sal uiteindelik almal insluit wat besluit om dit te aanvaar. God het dit van die begin af beplan (1 Petrus 1:17-20) en vir elkeen van ons begin dit met Jesus Christus. Sal u vandag begin om u ware potensiaal te leer ken? WvM

---

***Vervolg vanaf bladsy 13 – Die waarheid oor die hel***

gegooi word om vir ewig opgebrand te word (Openbaring 21:8). Hulle sal nooit weer lewe nie. "Want die loon van die sonde is die dood [ewige dood] maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

Diegene wat vandag deur God geroep word, het die ontsagwekkende geleentheid om met die eerste opstanding deel van Sy Gesin te word. Niemand hoef egter bevrees te wees dat mense hulle geleentheid om gered te word, geweier sal word nie. Indien God nog nie die denke van u vriende of geliefdes geopen het nie, sal hulle hulle beurt kry wanneer dit God se wil is. Indien God egter u denke open, behoort u nou daarop te reageer om die wonderlike beloning te ontvang wat Hy vir u gereed gemaak het! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

nie geleer van God se krag of oor wat God nou in hierdie tyd, besig is om te doen nie. Het u uself al ooit afgevra: “Indien God Almagtig is en indien Hy probeer om almal in hierdie tydperk te red, waarom faal Hy dan?” 'n Almagtige God behoort tog sekerlik nie te faal in iets wat so belangrik is nie! Diegene van u wat gereelde lesers van hierdie tydskrif is verstaan die antwoord: God roep slegs 'n paar uitverkorenes in hierdie huidige tydperk. Die rede is dat Hy besig is om 'n klein groepie ware Christene op te lei om onder Jesus Christus te regeer in die komende Millennium – 'n tydperk wanneer die hele wêreld die Waarheid van God geleer **sal** word.

Indien God u verstand open om hierdie Waarheid te verstaan, dan is daar geen manier waarop u tevrede kan wees om enige kerk by te woon wat waarskynlik ook nog op die verkeerde dag byeenkom nie. Selfs al sou hulle op die Sabbat byeenkom, sal die tipiese wêreldse kerk u allerhande onbybelse dinge vertel. Hulle sal ook moontlik meer aandag gee aan die verwarde geskrifte van 'n profetes of van 'n self aangestelde “apostel” of “profeet” in plaas van die duidelike woorde van die Skrif self. Indien bogenoemde u omstandighede beskryf, dring het ek by u aan: “Kom en kyk wie ons is en wat ons doen!” Kom na 'n *Tomorrow's World Presentation* naby u. Ons hou hierdie aanbiedings orals in die Verenigde State, Kanada en regoor die wêreld, regdeur die jaar. Vir 'n volledige lys kan u ons aanlyn besoek by *TomorrowsWorld.org* waar ons die skedule te alle tye op datum hou.

God is besig om Christene in hierdie tydperk op te lei om leiers te word in die wêreld wat kom! Die “eerstelinge” in hierdie tydperk sal in die Gesin van God in gebore word met Christus se Wederkoms, om Hom te help in Sy liefdevolle heerskappy in die toekomstige Koninkryk van God. Christus sal die allerhoogste leier wees, die Leier van leiers en vandag se ware Christene sal onder Sy leiding leiers wees.

Ja, leierskap is 'n onderwerp wat noodsaaklik is vir vandag se Christene. Dit is een rede waarom ek bly is om in hierdie uitgawe 'n artikel met u te kan deel oor Winston S. Churchill, die Britse Premier onder wie se leiding Brittanje gered was tydens die donkerste dae van die Tweede Wêreldoorlog. Lees mnr. John Meakin se artikel elders in hierdie uitgawe. Veral in ons tyd, wanneer ware leiers maar dun gesaai is, kan ons baie leer uit Churchill se voorbeeld. Die heel belangrikste is dat ons kan sien dat Churchill, wat geensins 'n volmaakte man was nie, geweier het om tou op te gooi ten spyte van teenspoed. Hy het “volhard tot die einde toe” – soos Christene ook beveel word om te doen (Mattheüs 24:13).

**Hoop vir die onbekeerdes?**

Wat dan van diegene – soos Churchill self – wat ten spyte van 'n produktiewe lewe, nie volgens God se lewenswyse geleef het nie? Is hulle veroordeel tot in ewigheid in die helse vuur? Lees mnr. Richard Ames se artikel elders in hierdie uitgawe. Ja, daar is hoop vir u onbekeerde familie en vir die miljoene mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit die naam van Jesus Christus of Sy ware leringe te hoor!

My vriende, u is egter anders. God het aan u 'n getuienis gegee deur hierdie tydskrif, deur die *Tomorrow's World*-beeldsending en deur ons teenwoordigheid op die Internet by *TomorrowsWorld.org* en *wvm.co.za*. Indien God u roep om een van Sy eerstelinge te wees, is dit nou u geleentheid vir verlossing. Moenie dit deur u vingers laat glip nie! Indien u begin om die Bybel se sewendedag Sabbat te verstaan, die jaarlikse Heilige Dae en die 7,000-jaar “Plan” waardeur God die mensdom voorberei vir 'n

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

wonderlike eindbestemming, kontak dan die streekkantoor (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) die naaste aan u en vra vir 'n ministeriële besoek. Indien daar 'n *Tomorrow's World Presentation* naby u is, moet asseblief nie huiwer om te bel of aanlyn u gratis uitnodiging dadelik aan te vra nie!

God mag u dalk roep om een van Sy leiers in die wêreld van môre te wees. Hy maak egter daarop staat dat u sal reageer. Sal u u deel doen? Ek bid dat u sal.



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**